Vroue as Predikante

DR P S DREYER

VROUE AS PREDIKANTE?

Vroue as Predikante?

DR PS DREYER

Professor in Wysbegeerte aan die
Universiteit van Pretoria

HAUM

PRETORIA · KAAPSTAD

Eerste uitgawe 1977

Gedruk deur Weeshuispers
Posbus 18061, Hercules 0030

ISBN 0 7986 0401 8

Geset in 10 op 12pt Palatino VIP
Bandontwerp, tipografie en setwerk deur
Dieter Zimmermann (Edms) Bpk, Johannesburg

INHOUD

Woord vooraf 1
Vroue as predikante – Inleiding 3
A. Die Bybelse gegewens 6
B. Die Kerk se interpretasie van
die Bybel 33
B.1 Die ampte 35
B.2 Die onderdanigheid van die vrou
aan haar man 43
C. Die vroulikheid van die vrou 50
D. Sosiale en kulturele faktore 52
E. Praktiese aangeleenthede 54
F. Slot 58
Bibliografie 58

WOORD VOORAF

Sover dit die Nederduitsch Hervormde Kerk betref, is op 3 Februarie 1975 geskiedenis gemaak. Op daardie dag het mej. Yolanda Dreyer haar ingeskryf by die Universiteit van Pretoria vir die graad B.A. met die oog op die B.D. Mej. Dreyer is die dogter van mnr. T.F. Dreyer van Kaapstad en die kleindogter van ds. T.F.J. Dreyer, in lewe een van die baie bekende predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

Dit is nodig dat daar eers 'n verduideliking gegee word aan lesers wat miskien nie op hoogte van sake is nie: wanneer iemand vir predikant wil studeer, moet hy eers die B.A. met sekere voorgeskrewe vakke verkry en dan die teologiese graad (die B.D.) aflê. Dit is universiteitsgrade en enige student, of hy nou predikant wil word of nie en al behoort hy ook aan enige kerk, kan vir hierdie grade inskryf, op voorwaarde dat die persoon in sy skooleindeksamen universiteitsvrystelling gekry het. Die B.A. en die B.D. is grade wat aan verskillende universiteite in ons land doseer word.

Benewens die akademiese kwalifikasies wat 'n persoon moet verkry, moet hy aan sekere kerklike vereistes voldoen as hy predikant wil word. Behalwe dat hy aan 'n universiteit moet inskryf, moet hy ook by sy kerk aansoek doen om as teologiese student van daardie kerk erken te word. Behalwe die akademiese opleiding moet hy ook 'n kerklike opleiding ontvang en behalwe sy universiteitseksamens moet hy ook 'n kerklike eksamen aflê. Hierdie kerklike eksamen word die proponentseksamen genoem. As die kandidaat die proponentseksamen met sukses afgelê het, kan die kerk hom legitimeer en as predikant in die kerk beroepbaar stel. Dan is die kandidaat 'n proponent.

Hoewel 'n persoon aan 'n hele aantal universiteite in ons land die B.D.-graad kan behaal, is dit uit bostaande duidelik dat 'n kerk nie kan toelaat dat sy aspirant-predikante sommer aan enige universiteit studeer nie. Die student se akademiese studie en sy opleiding tot die predikantskap is immers ten nouste aan mekaar verbonde. So is die predikante-opleiding

van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die Universiteit van Pretoria gevestig. Deur die Hervormde Kerk se bemoeiing is 'n teologiese fakulteit vanaf 1917 aan die Universiteit van Pretoria gevestig en is die predikante van die Hervormde Kerk daar opgelei. Vanaf 1938 word ook predikante van die Ned. Ger. Kerk aan die Universiteit opgelei. Om dit moontlik te maak is die teologiese fakulteit verdeel in 'n Afdeling A (die Hervormde Kerk) en 'n Afdeling B (die N.G. Kerk). Dit is alles per kontrak vasgelê.

Toe mej. Dreyer op 3 Februarie 1975 as student ingeskryf het, was sy bloot student van die Universiteit van Pretoria. Almal het geweet dat sy 'n lidmaat van die Hervormde Kerk is, maar sy het nie gevra dat die Kerk haar as een van sy teologiese studente moet erken is. Nóg sy, nóg enige ander vrou of enige vroue-organisasie het gevra dat vroue as predikante in die Hervormde Kerk toegelaat word.

Mej. Dreyer se daad was egter 'n vraag aan die Kerk: Wat gaan die Kerk doen met een van sy vroue-lidmate wat dieselfde akademiese kwalifikasies as mans-lidmate het? As dit goed gaan met mej. Dreyer se akademiese loopbaan (en tot op datum lyk dit asof dit die geval is), sal sy aan die einde van 1980 afstudeer. Om die rede was dit en is dit nodig dat die Hervormde Kerk aan sy vroue-lidmate sê of die Kerk gewillig is om 'n gekwalifiseerde vroue-lidmaat as predikant beroepbaar te stel of nie. Dit is die plig van die Kerk teenoor sy vroue-lidmate en hulle ouers, sodat dames-studente in die teologie en hulle ouers geen valse verwagtings koester nie.

Op grond hiervan het die Hoogeerwaarde Algemene Kerkvergadering van 1976 opdrag gegee dat 'n studie van die probleem van vroue-predikante gemaak word en 'n rapport aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering uitgebring word. Die opdrag om die studie te doen en die verslag uit te bring is aan ondergetekende gegee. Nadat die verslag ingedien is, het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit dat die verslag uitgebrei en gepubliseer word, sodat die hele Kerk en ook belangstellendes buite die Kerk kennis daarvan kan neem. Op die Algemene Kerkvergadering van 1979 sal die saak dan bespreek word en daaroor besluit word.

P.S. Dreyer

VROUE AS PREDIKANTE?

Inleiding

Wanneer 'n man homself aanmeld vir die studie met die oog op die predikantskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk, vra die Kerk aan hom sekere vrae (skriftelik) waarop hy moet antwoord. Vraag 9 van hierdie vrae lui: "Ek beskou my begeerte om predikant te word as 'n roeping om, ondanks alle ander oorwegings, die evangelie te verkondig" (ek aanvaar dat met "roeping", "roeping deur God" bedoel word). Op hierdie stelling moet die aspirant-student positief of negatief antwoord.

Die sinvolheid hiervan is dat die Kerk wil weet wat die aspirant-student verklaar, omdat dit vir die Kerk van groot belang is om te weet met watter motief sy predikante hulle bekwaam vir hulle werk as predikante. Die implikasie is egter dat die Kerk die "begeerte" van die aspirant-student nie net as 'n subjektiewe, psigiese toestand beskou nie, maar as 'n werklike, objektiewe roeping van die aspirant-student deur God tot die verkondiging van die evangelie.

Tot sover was daar nog net mans wat hulle eksplisiet as aspirant-studente aangebied het. Dit word deur die tradisie van die Kerk meegebring, 'n tradisie wat tot op hede geen vroue-predikante toegelaat het nie. Al het die Kerk dit nog nooit eksplisiet gesê nie, is die implikasie van die tradisie dat die Kerk verklaar dat 'n vrou nie predikant mag word nie. Op grond waarvan sê die Kerk so?

Veronderstel 'n vroue-lidmaat van die Kerk bied haarself as aspirant-student aan en hierdie vroue-lidmaat is bereid om – net soos 'n man – te sê: "Ek het 'n begeerte om predikant te word. Ek beskou hierdie begeerte van my as 'n roeping van God tot evangelieverkondiging" – wat gaan die Kerk doen?

Die Kerk is nog nooit inderdaad voor so 'n situasie gestel nie, maar soos sake nou staan, sou die Kerk hierdie vroue-lidmaat moes weier. Hierdie weiering beteken dat die Kerk sê: "As 'n man so sê, is dit 'n egte roeping deur God self en daarom laat ons hom toe tot die studie, maar omdat jy 'n vrou is, is jou

begeerte om predikant te word maar sommer net 'n gevoel – dit is nie werklik 'n roeping deur God nie." Dit beteken dat die Kerk psigiese toestande (die begeerte om predikant te word) in die een geval as 'n egte roeping deur God en in die ander geval as 'n bloot subjektiewe gevoel kan bepaal. Na my mening kan die Kerk dit nie doen nie en na die beste van my wete het die Kerk dit nog nooit gedoen nie. So 'n onderskeiding deur die Kerk sal soveel te meer as vooroordeel en willekeurigheid gebrandmerk staan wanneer die enigste grond vir die onderskeiding geslagsverskille is.

Die enigste ander moontlikheid is dat die Kerk sê: "Ek aanvaar dat jy die begeerte het om predikant te word; ek aanvaar ook dat jou begeerte 'n aanduiding is dat God jou werklik tot die predikantskap geroep het, maar ek kan jou desondanks nie tot die predikantskap toelaat nie." Die gronde vir hierdie weiering sal baie sterk moet wees. Die gronde kan die volgende wees:

1. *Bybelse verbod.* Indien dit sou blyk dat die Bybel duidelik 'n vrou uit die dienswerk van die predikant uitsluit, is dit genoegsame grond. Ons het nog altyd die standpunt ingeneem dat die objektiewe Bybelse getuienis groter gewig dra as die subjektiewe belewenis van 'n persoon en die interpretasie wat aan 'n dergelike belewenis geheg kan word.

2. *Die Kerk se interpretasie van die Bybel.* Dit is moontlik dat die Bybel nie 'n uitdruklike verbod teen die vrou bevat nie, maar dat die Kerk die Bybelse gegewens nog altyd as so 'n verbod beskou het. Hier sal ons veral die Kerk se beskouing van die ampte en historiese uitsprake van die Kerk moet nagaan. Hier moet die moontlikheid oopgehou word dat die Kerk tot nog toe gefouteer het.

3. *Die vroulikheid van die vrou.* Hier sal ons aandag moet skenk aan die vraag of psigiese en fisiese kenmerke van die vrou as vrou haar ongeskik maak vir die amp van die predikant.

4. *Sosiale en kulturele faktore* mag 'n invloed hê op die toelaatbaarheid van die vrou as predikant.

5. *Praktiese aangeleenthede* in die Kerk kan dit onmoontlik maak dat 'n vrou predikant word.

Aan elkeen van hierdie moontlikhede moet ons aandag gee.

A. DIE BYBELSE GEGEWENS

In ons behandeling van die Bybelse gegewens begin ons by Genesis en werk daarvandaan verder tot aan die einde van die Bybel. Vanselfsprekend is dit nie moontlik om streng aan die volgorde van die Bybelboeke te hou nie, omdat dit noodsaaklik is om van die een boek na die ander te verwys. Verder is dit vir die duidelikheid van die uiteensetting en die aaneenlopendheid van die redenasie nodig dat ons van die streng volgorde afwyk.

1. Dit is algemeen bekend dat daar in Genesis twee skeppingsverhale is.

Die *tweede skeppingsverhaal* vind ons in Gen. 2:4-25. Hierdie skeppingsverhaal is uiters belangrik omdat dit (saam met die geskiedenis van die sondeval) deurwerk na die Nuwe Testament en die belangrikste bepalende grond vir die posisie van die vrou in die samelewing en kerk is.

Volgens die tweede skeppingsverhaal is die mens (bedoelende die man) deur God geskape, ontvang van God die kultuuropdrag (2:15) en die reg om die vrug van die bome in die tuin te eet.

Die vrou word ná die man gemaak en word uit die rib van die man geskape. Sy is ook as 'n hulp vir die man gemaak wat by die man pas. Sy is dus deur God geskape, maar haar menslikheid is as't ware 'n sekondêre menslikheid: God skep die man as mens en daarvolgens die vrou. Verder gee die man die name aan die diere (2:19, 20) en ook aan die vrou (2:23; 3:20), sodat die vrou in hierdie opsig in die verhouding tot die man by die diere hoort. Die vrou het ook geen direkte verhouding tot God nie, omdat sy geen bevele direk van God ontvang nie.

Voordat ons hierop kommentaar lewer, wil ons nog ander daarby behorende materiaal aan die woord stel.

2. Gen. 3 vertel van die *sondeval* van die mens en sy vrou en die oordeel van God oor die sonde. In hierdie hoofstuk is daar

verskeie aspekte wat verdere grond vir die beskouing van die ondergeskiktheid van die vrou gee.

Net soos in die tweede skeppingsverhaal word feitlik deurgaans van "die mens" en "die vrou" gepraat. Daaruit kan ons nie aflei dat die vrou geen mens is nie, maar net soos in die geval van die tweede skeppingsverhaal tree haar menslikheid as 'n sekondêre menslikheid na vore: die man is mens op grond van die feit dat God hom 'n mens gemaak het, maar die vrou is mens op grond van haar verwantskap met die man.

Nog 'n aspek wat sterk na vore kom is dat dit juis die vrou is wat deur die slang verlei word. Sy is dus die een wat vir die aanvalle van die Bose oopstaan. Die rede hiervoor is miskien die feit dat sy nie direk van God die verbod teen die eet van die vrugte van die boom van die kennis van goed en kwaad ontvang het nie. Hoe dit ook al sy, die vrou is die een wat verlei word en op haar beurt weer optree as verleier deurdat sy haar man beweeg om ook van die vrugte te eet.

As gevolg van die sondeval word beide man en vrou deur God geoordeel. Die vrou se besondere straf is direk verbind aan die feit van haar vroulikheid: met smart sal sy kinders baar en na haar man sal haar begeerte wees, m.a.w. sy sal aan haar man onderworpe wees.

3. Die tweede skeppingsverhaal en die geskiedenis van die sondeval kring uit om die hele lewe van Israel, ook die godsdienstige lewe te omvat. Die *woordgebruik van die Bybel* word daardeur beinvloed sodat 'n bepaalde indruk as't ware onbewus op die leser gemaak word. As voorbeelde kan ons die woord "hoereer" en die uitdrukking "die mens uit 'n vrou gebore" noem: dit is opvallend dat die Bybel (veral die Ou Testament) baie sterk uitsprake teen die hoere en die verskynsel van hoerery bevat. Mans word gewaarsku teen die gevolge daarvan en as hulle hoere sou besoek (bv. in Spreuke), maar die oordeel oor mans wat dit doen, is nie naby so skerp as die oordeel oor hoere nie. Daarby word die woord "hoereer" gebruik om Israel te beskrywe wanneer die volk van God afdwaal en valse gode aanbid. "Soos 'n vrou troueloos skei van haar minnaar, so het julle troueloos teen My gehandel, o huis van Israel, spreek die Here" (Jer. 3:20) en die verhouding van Hosea is heeltemal gebou op die beeld van Israel wat 'n hoer

geword het – "Die mens uit 'n vrou gebore" is 'n uitdrukking wat dikwels in die Bybel voorkom (bv. Job 14:1). Dit beklemtoon die mens se vleeslikheid, sondigheid en sterflikheid; die mens is 'n wese wat aan stryd, nood en ellende onderhewig is. Dit is die lot van alle mense, maar die uitdrukking koppel dit aan die vrou en nie aan die man nie.

4. *Die posisie van die vrou in Israel:* Hierby wil ons net kortliks stilstaan omdat dit nie nodig is om in besonderhede in te gaan nie.

Net soos in ander volke van die tyd het die vrou in Israel 'n baie minderwaardige posisie beklee. Teenoor die man was sy heeltemal ondergeskik en het haas geen regte gehad nie. Enige invloed wat sy gehad het, het hoofsaaklik berus op die invloed wat sy op haar man en deur hom op ander sake kon uitoefen. Dat die vrou se plek in die samelewing geheel en al aan haar vader of haar man verbonde was, blyk uit die feit dat daar 'n aanvaarde posisie, reëls en wette vir ongetroude dogters, getroude vroue, geskeides en weduwees was, maar dat daar vir die oujongnooi eintlik geen plek was nie. In die Wet word die vrou beskerm, veral sover dit seksuele sake betref en om die huis en die volk rein te hou. Opvallend is egter dat oor die algemeen die wette van die man se kant gesien word en dat die wette nie gelykelik op man en vrou van toepassing is nie. So kan die man van sy vrou skei, maar nie omgekeerd nie (Deut. 24:1; Mat. 5:31, 19:7; Mark. 10:4); dogters mag erf slegs wanneer daar nie seuns is nie en as 'n man ook nie dogters het nie, erf slegs die manlike familielede (Num. 36); geloftes deur 'n man moet nagekom word, maar geloftes deur 'n vrou kan deur haar vader of haar man ongedaan gemaak word (Num. 39); 'n vrou is tweemaal so lank onrein na die geboorte van 'n dogter as na die geboorte van 'n seun (Lev. 12). Dit is verder opvallend dat die vrou opgeneem word in die lys van die besittings van haar man; in hierdie lys staan sy tweede, na die man se huis maar voor sy diensknegte (Ex. 20:17). Ook in die tempeldiens het die vrou haas geen plek gehad nie: vroue het in die tempel ingewoon en daar diens gelewer, maar dit was tot die laagste soorte arbeid beperk. Funksies in die erediens was beperk tot manlike Leviete. Aan die erediens het sy haas geen deel gehad nie en haar persoonlike godsdiensoefening was beperk tot die

bring van bepaalde offers, byvoorbeeld reinigingsoffers na die geboorte van 'n kind.

5. Verderaan sal ons telkens op aspekte van die reeds aangeduide Skrifgedeeltes moet terugkom, maar op hierdie stadium is dit reeds nodig om sekere opmerkings te maak.

Die teenstanders van die toelating van die vrou tot die predikantsamp beklemtoon die tweede skeppingsverhaal en die geskiedenis van die sondeval altyd baie sterk: die onderhorigheid van die vrou aan die man is die onveranderlike skeppingsorde van God en dit is ook die oordeel van God oor die sonde van die vrou.

Soos ons reeds gesien het, is hierdie onderhorigheid uitgedruk in die lewens- en godsdiensvorme van Israel. Deur die eeue heen het allerlei veranderinge ingetree, maar dit het geen wesenlike verandering aan die posisie van die vrou gemaak nie. Waar die eerste Christene in die Jerusalemse gemeente Jode was en waar die Jode 'n baie groot persentasie (in sommige gevalle, bv. Antiochië, waarskynlik die meerderheid) van die heidengemeentes uitgemaak het, is dit vanselfsprekend dat 'n groot deel van die Joodse lewens- en godsdiensvorme op die Christelike gemeentes oorgedra sou word. Buitendien was die Ou Testament vir die Christelike gemeentes ook geldig en is die Joodse beskouinge en oortuigings daardeur oorgedra en versterk. In die Nuwe Testament vind ons baie gegewens wat dit aantoon. Hierbenewens moet ons onthou dat die heidene wat in die Christelike gemeentes opgeneem is, kultureel baie van die Jode verskil het, maar dat die vroue in die heidenvolke 'n ewe ondergeskikte posisie ingeneem het.

Hoewel ons op besonderhede nog sal moet ingaan, wil ons hier daarop wys dat langs hierdie weg daar baie materiaal in die Bybel, beide Ou- en Nuwe Testament, is wat op die onderhorigheid van die vrou dui en wat op die tweede skeppingsgeskiedenis en die verhaal van die sondeval teruggevoer kan word of minstens in verband daarmee staan. Hierdie materiaal kan en mag ons nie ignoreer nie, maar ewe min mag ons ons blind hou vir ander aspekte wat ook in die Ou Testament en in die behandelde gedeeltes opgesluit lê. Die belangrikste hiervan is die volgende:

5.1 Die tweede skeppingsverhaal vertel van die skepping van man en vrou, maar dit is duidelik dat hierdie geskiedenis die huwelik op die oog het. Dit kan ons sien in Gen. 2:22 waar gesê word dat God die vrou na die mens gebring het en in vers 24 word die besluit uit die voorafgaande geformuleer: "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees."

Ook in die geskiedenis van die sondeval kom die huwelik sterk op die voorgrond: die vrou en haar man, wat sondig, is 'n paar wat reeds deur God saamgevoeg is. Na die sondeval word die mens nie geoordeel in sy verhouding tot sy vrou nie: die aarde is vervloek; dit bring dorings en distels voort; die mens sal in die sweet van sy aangesig brood eet; al die dae van sy lewe sal hy met moeite van die opbrengs van die aarde eet; en die mens sal sterwe (Gen. 3:17-19). Hierdie oordeel van God tref die mens as sodanig, alle mense, ook die vrou. Die oordeel oor die vrou in besonder betref haar as getroude vrou en in die verhouding tot haar man: "Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees en hý sal oor jou heers" (Gen. 3:16).

As ons redeneer vanuit die gedagte van die skeppingsorde, dan moet dit baie duidelik gestel word dat die skeppingsorde die verhouding van die man en vrou binne die huwelik betref. Israel het hierdie onderhorigheid (en soos ons gesien het: minderwaardigheid) van die vrou uitgebrei tot 'n algemene onderhorigheid, d.w.s. 'n onderhorigheid wat in die sosiale orde, die lewenswyse, die Wet en die tempeldiens tot uitdrukking gekom het. Hierdie algemene onderhorigheid kan op ander gronde berus, maar dit is baie twyfelagtige gronde wanneer 'n mens jou op die tweede skeppingsverhaal en die verhaal van die sondeval beroep.

Terloops wil ek ter wille van die duidelikheid opmerk dat wat hierbo gesê is, van die grootste belang is wanneer ons oor die huwelik praat. Dit gaan ons egter nie oor die huwelik nie en daarom laat ons die verhouding van man en vrou in hierdie opsig rus.

5.2 'n Baie opvallende aspek van die geskiedenis van die sondeval is die feit dat dit die vrou is wat deur die slang verlei

word en wat op haar beurt weer haar man verlei. Hieruit kan ons egter nie aflei dat die vrou 'n groter sondaar as die man of swakker as die man of meer geneig tot sonde as die man is nie. Die wese van die sonde wat deur albei begaan is, is nie net ongehoorsaamheid aan die gebod van God nie, maar die begeerte om soos God te wees (Gen. 3:5). Hieroor straf God albei omdat albei skuldig is. Die oordeel van God oor die mens sluit ook die vrou in. Die vrou kry weliswaar 'n straf wat net haar betref (Gen. 3:16), maar aan die ander kant word die mens (en nie die vrou nie) as "bedreiging" vir God genoem (Gen. 3:22). Die Here God verdryf die mens uit die tuin van Eden en die vrou word nie eers genoem nie (Gen. 3:23, 24). Ons moet maar veronderstel dat die vrou saam met die mens verdryf is. Hieruit is dit duidelik dat 'n poging om die vrou of die man 'n groter sondaar of skuldiger of swakker as die ander voor te stel of om die een se straf as ligter of swaarder as die ander een se straf te bereken op 'n baie twyfelagtige haarklowery moet uitloop.

5.3 Hierbo het ons redeneer dat die uitsprake in verband met die tweede skeppingsverhaal en die sondeval in die verband van die huwelik gesien moet word en nie sonder meer op die vrou as sodanige oorgedra kan word nie. Die vraag is nou egter of die res van die Ou Testament, waarvan ons enkele aspekte aangehaal het, as 'n aanduiding van die onderhorigheid van die vrou gebruik kan word. As dit geldig sou wees, sou dieselfde gewig ook aan dergelike aanduidings in die Nuwe Testament geheg kan word.

Op die besonderhede gaan ons hier nie in nie omdat dit nie nodig is nie. Die sosiale orde, godsdienstige gebruike, huweliksverhouding en selfs die Wet van Israel kan ons nie as maatstaf neem nie. In ons samelewing en selfs in die Kerk handhaaf ons lankal nie meer die Ou Testamentiese voorskrifte letterlik as norme nie. Daar is byvoorbeeld niemand meer wat aan die vrou as 'n besitting van die man dink nie, die vrou het eweveel reg as die man om 'n egskeiding te eis, die Israelitiese erfreg is net nie meer ter sprake nie en ons vroue het 'n ewe groot aandeel aan die erediens as die mans. Daarmee beweer ons nie dat die Ou Testament nie meer van krag is nie of nie meer vir ons betekenis het nie. Die wyse waarop die Ou

Testament vir ons geldig is, is nie 'n probleem wat hier ter sprake is nie en ons laat dit daar. Wat ons wel hier beweer, is dat ons nie die voorskrifte van die Ou Testament en die gebruike van ou Israel net in een opsig na ons Kerk kan oordra en dit net op die dienswerk van die vrou in die gemeente van toepassing maak nie, terwyl in alle ander opsigte (bv. die deelname van die vrou aan die sakramente) ons dit nie doen nie. As ons so sou handel, sou ons dubbele standaarde toepas.

6. Dit is buitengewoon interessant dat die eerste skeppingsverhaal (Gen. 1:26-29) so min aandag geniet. Hierdie Skrifgedeelte maak hoegenaamd geen verskil tussen man en vrou nie: albei, sonder onderskeid, is geskape na die beeld en die gelykenis van God, ontvang die vrugbaarheidsopdrag en die heersersopdrag, het dieselfde voorreg om die aarde en sy vrugte te gebruik en staan in direkte verhouding tot God. Man en vrou is ook tegelykertyd geskape en daar is geen aanduidings (soos bv. die naamgewings in die tweede skeppingsverhaal) dat die een in enige opsig minder as die ander een is.

In die teologie het hierdie Skrifgedeelte baie aandag gekry in verband met die vraag na die betekenis van die beeld van God. In die teologie en filosofie het die gedagte van die verwantskap en ooreenkoms tussen God en mens (soos die Skrifgedeelte dikwels geinterpreteer word) tot allerlei spekulasie en misbruike aanleiding gegee. Dat dit egter implikasies het vir die verhouding tussen man en vrou, vir die sosiale orde, etiek, wetgewing en vir die verhoudinge binne die gemeente ontvang haas geen aandag nie.

Dit is ook die geval in die Ou Testament. Ons het reeds gesien dat die posisie van die vrou soos in die Ou Testament uitgedruk, beskou kan word as 'n gestaltegewing aan die tweede skeppingsverhaal en die geskiedenis van die sondeval. Daar is egter een uitsondering in die Ou Testament, naamlik die profetesse. Mirjam, die ouer suster van Moses en Aäron (Ex. 2:4 vv.) was 'n profetes (Ex. 15:20). Saam met Moses en Aäron was sy die leier van Israel in die uittog uit Egipte (Miga 6:4). In die woestyn het sy saam met Aäron teen Moses opgetree (Num. 12). – Debora was nie net 'n profetes nie maar ook 'n rigter (Rig. 4 en 5). – Hulda (2 Kon. 22: 14-20), 'n getroude vrou, word deur die hoëpriester Hilkia in opdrag van koning Josia geraadpleeg.

Sy profeteer soos enigeen van die Ou Testamentiese profete en net so word haar profesie ook aanvaar. – In die Nuwe Testament vind ons Anna (Luk. 2:36 vv.), 'n profetes van die Ou Testamentiese tipe. Nêrens vind ons enige aanduiding dat die profetes op enige wyse as minder gereken is omdat sy 'n vrou is nie of dat enige beletsel in haar profetiese werk in haar weg gelê is nie.

Op hierdie tema moet ons weer terugkom.

7. Wanneer ons nou na die Nuwe Testament toe oorgaan, vind ons by baie teoloë die opmerking dat die Nuwe Testament baie min aanduidings oor die posisie van die vrou gee. Dit is heeltemal waar wanneer ons die tekste gaan optel waar daar in besonder 'n verskil tussen man en vrou gemaak word. Juis dit moet ons lei tot nadenke. 'n Bietjie selfkritiek lei tot die volgende onontkombare besluite:

Die teoloog wat die skaarsheid van tekste oor die posisie van die vrou beklemtoon, maak 'n basiese logiese fout: hy gaan uit van 'n versweë, vir hom vanselfsprekende premisse, naamlik die vrou is onderhorig aan die man, die vrou mag nie ten volle aan die dienswerk van die kerk deelneem nie. Vanuit hierdie standpunt is die teoloog dan verbaas en selfs onthuts dat die Nuwe Testament so weinig uitsprake oor die vrou maak en dat daar so min Skrifgedeeltes is wat die vrou in 'n uitsonderlike posisie plaas.

Die werklike posisie is dat die hele Nuwe Testament oor die vrou net so goed as oor die man praat en daarom is die Nuwe Testament vol van gegewens oor die vrou en haar posisie. Die kern van die Nuwe Testamentiese boodskap is dat die mens (man *en* vrou) 'n sondaar is wat die dood voor God skuldig is. So lief het God egter die sondaar (man *en* vrou) gehad dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het om aan die kruis vir die sonde van die mens (man *en* vrou) boete doen. Christus, wat in die gestalte van God was, wat dit geen roof geag het om aan God gelyk te wees nie, het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk te word (Filip. 2:6-8). Hierdie "mense" aan wie Christus gelyk geword het, is die mens as sodanig en het met man en vrou niks te doene nie. As ons hier in terme van man en vrou wil redeneer, moet ons sê dat Christus sy menslikheid van die vrou ontvang het, omdat

Hy uit 'n vrou gebore is en 'n man niks daarmee te doene gehad het nie. As mens het Christus Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die kruisdood toe (Filip. 2:8). Elkeen (man *en* vrou) wat in Hom glo, sal nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe beërwe (Joh. 3:16). Nêrens vind 'n mens enige aanduiding dat die vrou 'n groter sondaar of 'n ander soort sondaar as die man is nie. Nêrens is daar enige aanduiding dat die vrou groter genade of 'n ander soort genade as die man nodig het om gered te word nie. Nêrens is daar enige aanduiding dat die vrou op 'n ander manier gered moet word as die man nie. Sonde en verlossing is vir die man en vrou presies dieselfde. So ook is die heiligmaking dieselfde: Die mens (man *en* vrou) moet deur die krag van God onder leiding van die Heilige Gees die ou mens afsterwe. Die mens (man *en* vrou) word herskep in die beeld van God, word met Christus beklee en word geroep om in diens van God te staan om God te verheerlik. "Want julle is *almal* kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; want julle *almal* wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee. Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie; *daar is nie meer man en vrou nie;* want julle is *almal* een in Christus" (Gal. 3:26-28). Hierdie kinders van God (mans *en* vroue) is die kerk, die liggaam waarvan Christus die Hoof is en wat uit baie lede bestaan, die gemeenskap van die heiliges (mans *en* vroue) wat almal gelykelik deel het aan die heilige dinge (die verkondiging van die Woord, die sakramente, gebede, die beloftes van God). Hierdie kinders van God, verlostes deur Jesus Christus, ontvangers van die Heilige Gees (mans *en* vroue), staan gelykelik onder die roeping van die dankbare gehoorsaamheid aan God.

Om te sê dat die Nuwe Testament min oor die vrou praat, is verkeerd. Die hele Nuwe Testament praat oor die vrou, omdat die hele Nuwe Testament oor die mens praat. En so het die kerk nog altyd vanselfsprekend gehandel: die dominee doop dogtertjies en seuntjies deurmekaar met dieselfde doop, hy laat seuns en dogters saam dieselfde geloofsbelydenis aflê, hy bedien aan mans en vroue deurmekaar dieselfde nagmaal en hy verkondig een boodskap aan 'n gemeente wat uit mans en vroue bestaan.

Wat hierbo gesê is, is die kern, die wese, die allesoorheersende boodskap wat die ewige lewe of dood bepaal. Ver weg in

die tweede plek erken die Nuwe Testament 'n verskeidenheid: "Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here; en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk" (1 Kor. 12:4-6). Die kerk van Christus omvat alle kulture, volke, tale, professies, ambagte, ouderdomme en geslagte. Almal het een Here, een Verlosser en almal staan onder dieselfde eis van dankbare gehoorsaamheid, maar die verskeidenheid bring ook 'n verskeidenheid van probleme en dienswerk mee: 'n dokter het ander probleme as 'n messelaar, 'n kind ander probleme as 'n grysaard, en net so het 'n dokter besondere geleenthede om God te dien – geleenthede wat 'n messelaar of 'n onderwyser nie het nie, terwyl die onderwyser geleenthede het wat die dokter nie het nie. Ons is almal mense en as sodanig staan ons op dieselfde wyse voor God en dien ons God op dieselfde manier, maar as man, vader, onderwyser, diaken en middeljarige is daar nog baie besondere maniere waarop ons God kan en moet dien. Die wyse waarop ons God as onderwyser of as vader of as diaken dien, moet egter altyd gesien en beoordeel word in die lig van die manier waarop ons God as verloste sondaar moet dien.

In die gemeente, net soos in die samelewing, is daar ook 'n bepaalde orde. 'n Onderwyser kan nie maar sommer mense begin dokter nie; hy moet eers die nodige bekwaamheid verkry en volgens wet as dokter erken word. Net so kan 'n dokter nie in die gemeente sommer maar ouderlingswerk begin doen omdat die dokter tog van huis tot huis gaan nie. Die dokter *kan* ouderling word, maar eers nadat die gemeente tevrede is dat hy aan die Bybelse vereistes voldoen en nadat hy behoorlik verkies en bevestig is.

Wanneer ons nou met ons probleem of vroue as predikante toegelaat kan word, na die Nuwe Testament toe gaan, moet ons nie verbaas wees dat ons min Skrifgedeeltes kry wat oor die vrou handel nie. Daar is so min omdat daar net oor die vrou gepraat word in so verre iets besonderliks net vir die vrou as vrou gesê moet word. Die manier waarop ons ook hierdie Skrifgedeeltes moet benader, is dat dit ons iets sê van die uitsonderingsposisie van die vrou as vrou en ons moet onsself dan afvra: Is hierdie uitsondering wat vir die vrou gemaak

word, in lyn met die hoofboodskap van die Nuwe Testament? As daar iets oor die vrou in besonder gesê word wat bots met die hoofgedagte van die Nuwe Testament, is dit baie duidelik dat hierdie botsende gedagte verwerp sal moet word. Verder sal ons ons moet afvra of die besondere uitsprake oor die vrou dit onmoontlik maak vir die vrou om dienswerk as predikant te verrig.

Hiervandaan kan ons nou meer in besonderhede op die Nuwe Testament ingaan.

8. Die agtergrond van die Nuwe Testament is die *Joodse kultuur* soos dit in Jesus se tyd was. Onder "kultuur" verstaan ons die beskouinge en oortuigings, sedes en gewoontes, sosiale ordening, geldige wette, godsdiensvorme en so meer soos die lewe van 'n volk dit op sy besondere manier uitdruk. Die Joodse kultuur in Jesus se dae was baie anders as wat vir ons in die Ou Testament uitgebeeld word: enige kultuur verander met die loop van tyd en die Joodse kultuur is geen uitsondering op hierdie reël nie. Buitendien het die Jode swaar slae verduur: die tien stamme van Israel is deur die Assiriërs in ballingskap weggevoer en het blykbaar verdwyn; die twee stamme van Juda word vir byna 'n eeu in ballingskap in Babel gehou voordat hulle mag terugkeer; die Jode versprei oor die hele destydse bekende wêreld; die Jode is nooit meer 'n onafhanklike koninkryk nie maar staan gedurig onder die mag van ander volke, tot in Jesus se tyd wanneer hulle deel van die Romeinse Ryk uitmaak. So kan ons nog baie ander dinge noem. Al hierdie dinge het veranderend gewerk op die kultuur van die Jode en in 'n groot mate ook op hulle godsdienstige gebruike en beskouings. Vir ons doel is egter net twee dinge van belang: in die eerste plek het die Jode bly vaskleef aan die Ou Testament, sodat die kern en die fondament van die Joodse godsdiens nie verander het nie; en in die tweede plek het die posisie van die vrou nie wesenlik verander nie. Hoe sedes en gewoontes ook al verander het, aan die posisie van die vrou het dit geen werklike verskil gemaak nie: haar plek was nog steeds in die huis; sy was nog steeds die mindere van die man en onderhorig aan haar man; sy het nog steeds geen politieke en weinig sosiale regte gehad; haar rol in die tempeldiens was gering.

In hierdie opsig was Israel in lyn met die heidense volke van die Romeinse Ryk. Hoewel verskillende van die Hellenistiese* godsdienste van priesteresse gebruik gemaak het en hierdie priesteresse hoë aansien geniet het, het dit geen verskil aan die onderhorige posisie van die vrou gemaak nie. Van al die geestesstrominge van die Hellenisme was daar twee wat in 'n mate ruimte vir die vrou gemaak het: die Pythagoreïese Skool was 'n filosofies-godsdienstige beweging wat in die sesde eeu v.C. ontstaan het. Oorspronklik is ook vroue as lede toegelaät, maar dit het nooit werklik iets beteken nie en vir die vrou allermins. Die Isis-godsdiens het vir vroue wel 'n geestelike uitkoms gebied: Isis was die lydende vrou, die vrou wat ween oor haar gestorwe seun, maar wat in haar liefde ook die moontlikheid van nuwe lewe het. Omdat die Isis-godsdiens die enigste godsdiens was wat iets vir die gemoed van die vrou gebied het, was dit ook een van die godsdienste met die meeste aanhangers in die Romeinse Ryk.

Hierdie algemene posisie van die vrou vind ook weerkaatsing in die Nuwe Testament. Jesus was geen beeldestormer of revolusionêr nie en daarom sien ons Hom beweeg binne die sosiale orde van daardie tyd. Dit is dan ook opmerklik dat die vroue in verhouding tot Jesus so dikwels in dienende hoedanigheid, beskryf word. So was daar byvoorbeeld Martha (Luk. 10:38-42) en die vroue wat Jesus met hulle goedere gedien het (Luk. 8:3). Die versorging van die huis en in hierdie verband die diens aan die man was die aanvaarde posisie van die vrou in die samelewing en dit geld ook in die vroue se verhouding tot Jesus.

Ondanks al hierdie dinge vind ons in die Nuwe Testament aanduidings van 'n deurbreking van die geldende sosiale orde en godsdienstige gewoontes: Jesus word deur 'n hele aantal vroue gevolg en hulle verskyn ook in die openbaar as sy volgelinge. Jesus voer gesprekke met vroue in die openbaar, byvoorbeeld die Samaritaanse vrou (Joh. 4). In Jesus se

*Onder "Hellenisme" verstaan ons die kultuurtydperk wat gestrek het vanaf ongeveer 300 v.C. tot 400 n.C. Dit word Hellenisties genoem omdat die Griekse kultuur (Grieks = Helleens) die dominerende element was, maar in die Hellenisme is baie ander kultuurelemente opgeneem. Hoewel die Griekse kultuur dominerend was, was die Hellenisme 'n mengkultuur en het dit die hele Romeinse Ryk van die tyd omsluit.

gesprekke met die vroue is daar geen aanduiding dat Hy die vrou as minderwaardig of onderhorig aan die man of van mindere betekenis beskou; inteendeel, Jesus is vir vroue ewe toeganklik as vir mans en die gesprekke geskied op dieselfde vlak. Verder kan ons nog wys op Maria, die suster van Martha: wanneer Maria die ongehoorde ding doen om tussen die mans te gaan sit om na Jesus te luister in plaas daarvan om met die huishouding te help, keur Jesus dit goed (Luk. 10:38-42).

Hierdie aanduidings maak op die Westerse gemoed van die twintigste eeu weinig indruk omdat die vrou in ons samelewing en in die kerk 'n totaal ander posisie inneem as in Jesus se tyd. Vir die tyd en die samelewing waarin Jesus opgetree het, was dit totaal nuut; dit was ongehoorde dinge wat 'n mens net eenvoudig nie gedoen het nie. Jesus se optrede is die rigtingwyser na 'n heeltemal ander verhouding tot die vrou.

Die hedendaagse Westerling vind dit ook nie opvallend dat die Nuwe Testament so dikwels van vroue-volgelinge van Jesus melding maak nie. Om die waarheid te sê, as iets in hierdie verband ons opval, is dit eerder dat daar so min vroue-volgelinge was. Die rede hiervoor is weer dat ons aan 'n heeltemaal ander posisie van die vrou gewoond is. As ons die omstandighede van Jesus se tyd in ag neem, moet die groot aantal vroue-volgelinge ons opval. Verder is dit van die grootste belang dat Jesus se prediking op geen wyse vroue uitsluit of anders as die mans beskou nie. Daar is geen merkbare verskil in die behandeling van mans en vroue nie. Jesus is vir die vroue toeganklik en behandel hulle met eerbied en simpatie. Hy verskyn na sy opstanding die eerste aan vroue en aan hulle word die eerste paasopdragte gegee. Die Heilige Gees word op mans en vroue gelykelik uitgestort en almal spreek in ander tale (Hand. 1:14; 2:1-4). Om hierdie redes is die Christelike godsdiens die eerste en enigste godsdiens wat aan die vrou van destyds 'n geestelike tuiste gebied het en die begin van die Christelike kerk word gekenmerk deur die groot aantal Christene en die belangrike rol wat hulle gespeel het. Dat hulle nie 'n groter rol gespeel het nie, is aan die omstandighede van die tyd te wyte. Hoewel dit baie eeue geneem het, is die Christelike godsdiens ook die werklike stukrag agter die revolusionêre verandering wat daar in die vrou se posisie in die godsdienstige en wêreldlike verhouding gekom het.

9. Teenstanders van die toelating van die vrou tot die amp van die predikant beklemtoon die feit dat Jesus net mans as apostels uitverkies het en hulle met die verkondigingsopdrag uitgestuur het (Mark. 3:14, 15; 6:7-13; Mat. 10; Luk 9:1-6). Hierby kan ons ook die sending van die sewentig voeg (Luk. 10). Hoewel daar nie uitdruklik gesê word dat die sewentig net mans was nie, kan ons in die lig van die omstandighede van die tyd met veiligheid aanneem dat hulle almal mans was.

Hierby kan ons noem dat enkele teenstanders dit ook beklemtoon dat Jesus self 'n man was.

9.1 Die feit dat Jesus 'n man was, sê nog niks van die onderhorigheid of onbekwaamheid van die vrou nie. Dit sou ons net kon beweer as daar uit Jesus se optrede of woorde aangetoon kon word dat Hy die vrou as onderhorig of onbekwaam beskou het.

Verder moet ons onthou dat Jesus uit 'n vrou gebore is, nadat sy uit die Heilige Gees (Mat. 1:18) swanger geword het, d.w.s. sonder die medewerking van 'n man.

Hierbenewens moet ons beklemtoon dat dit heeltemaal verkeerd sou wees as Jesus as vrou gebore sou word. Die Hellenistiese godsdienste, veral die godsdienste van Oosterse oorsprong, het almal godinne gehad. Met uitsondering van enkele baie onbelangrike figure, het hierdie godinne almal 'n seksuele betekenis gehad: hulle was die vrouens van die gode of hulle was die godinne van die seksuele liefde en vrugbaarheid. Die skeppingsverhale wat ons in hierdie godsdienste aantref, stel die skepping voor as die gevolg van 'n seksuele verhouding. Dit is 'n voorstellingswêreld wat totaal vreemd vir die Joodse en die Christelike godsdiens is. Trouens, dit is die sterkste element van die heidendom wat deur die Joodse en die Christelike godsdiens as afgodery bestry word. As Jesus, die Seun van God en self ook God, as vrou gebore sou wees, sou dit die invoer van 'n vroulike godheid beteken, wat volkome vreemd aan die Bybel is.

9.2 Dat Jesus met die Twaalf en die Sewentig net mans uitgestuur het, is in die omstandighede van die tyd eintlik vanselfsprekend. Vir vroue sou dit haas onmoontlik gewees het om so 'n sending te onderneem en in die sosiale orde van die

tyd sou dit so vreemd gewees het dat hulle sending net daardeur sou verongeluk het. Dit is egter 'n ongeoorloofde afleiding wanneer ons op grond van die feit dat die Twaalf en die Sewentig mans was, sou beweer dat 'n vrou die verkondigingsopdrag nie kan of mag ontvang nie.

Die uitverkiesing van die twaalf Apostels het egter 'n dieper betekenis waarna ons moet kyk. Dat Jesus twaalf (en nie meer of minder nie) uitverkies het, verwys na die twaalf stamme van Israel. In die tyd van Jesus was die twaalf stamme nie meer 'n konkrete werklikheid nie. In 732 v.C. het die Assiriese koning Tiglat-Pileser 'n groot deel van die tien stamme van Israel in ballingskap weggevoer (2 Kon. 15:29; 1 Kron. 5:6, 26) en 'n rukkie later het Sargon II nog 'n deel weggevoer (2 Kon. 17:6; 18:11). Hulle is vervang met heidense volke (2 Kon. 17:24). Van die terugkeer van hierdie weggevoerdes hoor ons nie. Die agtergeblewe Israeliete het met die ingevoerde volke verbaster om die Samaritane te vorm. Juda is in ballingskap weggevoer deur die Babiloniërs in 597 v.C. en weer in 586 v.C. en 581 v.C. Van hulle het 'n groot aantal teruggekeer. 'n Aansienlike aantal het ook gevlug Egipte toe (Jer. 41:11 ev.) Daarmee begin die verstrooiing van die Jode wat eintlik 'n blywende kenmerk van die Jode geword het. Die resultaat van al hierdie dinge was dat die oerverdeling van Israel in twaalf stamme nie meer 'n werklikheid was nie. Met die aanwys van die Twaalf herstel of herstig Jesus as't ware die oorspronklike Israel. Dit is egter nie net 'n daad wat terugkyk nie, maar ook vorentoe: die herstigte Israel is die nuwe Israel, die geestelike Israel, die kerk van die Nuwe Testament. Gesien vanuit hierdie perspektief kon die Twaalf nie vroue wees nie.

Wanneer ons na die wesenskenmerke van die apostel kyk, is dit egter van besondere betekenis vir ons probleem dat Jesus nou juis apostels uitgekies het met die besondere roeping waarmee Hy hulle geroep het. Hierdie betekenis kan ons soos volg na vore bring:

Die Christelike kerk as beliggaming van die Christelike geloof en godsdiens is iets unieks, iets heeltemal nuuts in die geskiedenis. Hierdie werklikheid berus op die uniekheid en eenmaligheid van God se verlossingswerk in die vleeswording, dood en opstanding van Jesus Christus, wat op 'n bepaalde, besondere punt in ruimte en tyd plaasgevind het. Die uniek-

heid van die Christusgebeure sluit dus die historiese plasing daarvan nie uit nie. Anders gestel: daar is net een Verlosser (Hand. 4:12), die Here Jesus Christus, wat eens en vir altyd (Rom. 6:10) vir die sonde gesterwe het. Hierdie eenmalige gebeurtenis het op 'n bepaalde plek en tyd plaasgevind, wat meebring dat dit 'n bepaalde plasing binne 'n bepaalde volk en op 'n bepaalde tyd in die geskiedenis het. Die woorde, werk en lewe van die Here Jesus bring dus vir ons 'n nuwe verbond, 'n nuwe testament wat tegelykertyd die vervulling van die ou verbond is en in 'n groot mate vanuit die ou verbond verstaan moet word. So is die Christelike kerk ook iets nuuts en tog tegelykertyd die geestelike voortsetting van die volk van God, wat sy vormgewing en uitdrukking vir die grootste gedeelte uit die Ou Testament en die tempel neem.

So is die figuur van die apostel iets nuuts, iets eie aan die Nuwe Testament en die begin van die Christelike Kerk. Die nuutheid lê daarin dat die apostels besondere geroepenes van Christus was, dat hulle ooggetuies van die gebeurtenisse vanaf die doop van Johannes tot by die hemelvaart van Christus was en dat hulle die besondere taak gehad het om getuies van die opstanding van Jesus te wees (Hand. 1:21, 22). Die Ou Testamentiese voorloper van die apostel is die profeet. Die verskynsel van die profeet in die Ou Testament het van die oudste na die jongste profete allerlei kenmerke getoon (bv. ekstase, waarsêery) en ook bepaalde veranderinge ondergaan (bv. vanaf die meer patriotiese gerigtheid van die ou profete tot by die Ebed Jahve-liedere van Deutero-Jesaja), waarop dit nie vir ons nodig is om in te gaan nie. Ook sonder om op besonderhede in te gaan kan ons daarop wys dat baie kenmerke van die profete 'n paralel in die kenmerke van die apostels vind (bv. ekstase, visioene, waarsêery, wonders). Wat vir ons belangrik is, is die feit dat beide profeet en apostel 'n posisie, status, "amp" het wat nie deur die Wet of op enige ander wyse geformaliseer is nie, maar bloot op die roeping deur God berus; albei maak aanspraak daarop dat hulle geroepe is om die Woord wat God aan hulle toevertrou het, te verkondig; albei staan onder die leiding van die Heilige Gees; albei se gesag is op geen wyse aan persoonlike hoedanighede, sosiale status, volks- of stamverbande of wat ook al verbonde nie, maar berus uitsluitlik op die feit dat hulle verkondigers van Gods Woord is

en deur God self daartoe geroep is; en die enigste norm waarmee albei gemeet word, is of hulle die Woord van God reg verkondig of nie. Hierdie onmiddellikheid van die verhouding van die profeet tot God maak dit vir 'n vrou moontlik om 'n profetes te wees, ondanks al die beperkings wat in Israel op die vrou gelê is. Hierdie onmiddellikheid is ook die finale grond waarop die apostel hom beroep (1 Kor. 9:1). Hoewel daar geen vroue onder die Twaalf en die sewentig was nie, maak hierdie onmiddellikheid dit prinsipiëel ook vir 'n vrou moontlik om as verkondiger van Gods Woord op te tree, omdat niemand of niks grense aan die genadige almag van God en die vryheid van die Heilige Gees mag stel nie.

'n Tweede norm vir die werk van 'n apostel is die vrugte wat die werk van die apostel oplewer. Veral Paulus beroep hom baie sterk hierop wanneer sy gesag en reg as apostel betwis word (vgl. 1 Kor. 9:2). Ook hierdie norm sluit 'n vrou geensins uit nie, al sou dit ook waar wees dat 'n vrou se werk deur sosiale beperkings en ander faktore bemoeilik word.

Dat die vrou dan ook in die Nuwe Testament meegedoen het aan die verkondiging van die Woord, blyk uit die volgende:

(i) Die verkondiging van die opstanding van Jesus is die besondere taak van die apostel (Hand. 1:22). Hiervan is die vroue nie uitgesluit nie omdat Jesus na sy opstanding eerste aan vroue verskyn en aan hulle die eerste opdrag gee om die boodskap dat Hy opgestaan het, oor te dra (Mat. 28; Mark. 16; Luk. 24; Joh. 20).

(ii) Met Pinkster word die Heilige Gees op die hele vergadering sonder enige uitsonderings uitgestort (Hand. 2:1-13). Hierdie vergadering was dieselfde as dié waarvan in Hand. 1 gepraat word en waarvan uitdruklik gesê word dat dit 'n aantal vroue ingesluit het (Hand. 1:14). Hoewel Petrus die vergadering as "broeders" aanspreek (Hand. 1:16), het ons geen rede om aan te neem dat daar geen vroue aanwesig was en dat die vroue uitgesluit was by die uitstorting van die Heilige Gees nie. Hoewel Petrus met die elf ander apostels by hom die leiding neem en sy toespraak vir ons gegee word (Hand. 2:14 ev.), het almal wat die Heilige Gees ontvang het, oor die groot dade van God gespreek – dus ook die vroue (Hand. 2:11);

(iii) Hand. 21:9 vermeld die vier ongetroude dogters van Filippus wat die profetiese gawe besit het. Daar word nie vir ons gesê presies wat hierdie gawe van die dogters behels het en wat hulle gedoen het nie, maar ons het aan die ander kant ook geen rede om aan te neem dat dit iets anders was as wat Paulus in 1 Kor. 14:3 sê nie: "Hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting en troos en bemoediging" of as wat ons in Openb. 19:10 lees nie: "Die getuienis van Jesus is die gees van die profesie".

(iv) Prisca (Priscilla) was 'n vrou van wie sommige teoloë meen dat sy 'n vroulike apostel was. Wat seker is, is dat sy so belangrik was dat sy voor haar man genoem word, dat sy 'n medewerker van Paulus was, dat al die gemeentes van die heidene haar dank verskuldig is (Rom. 16:3, 4) en dat sy die weg van God noukeurig aan Apollos uitgelê het (Hand. 18:26). Paulus noem haar in Rom. 16:3 sy *synergos* (medewerker) in Christus, dieselfde uitdrukking as wat hy van Timotheus (Rom. 16:21), Epaphroditus (Filip. 2:25), Clemens (Filip. 4:3), Philemon, Markus, Aristarchus, Demas en Lukas (Philemon 1:1, 24) gebruik. Paulus plaas haar daarmee op dieselfde vlak as die manlike arbeiders en hiervolgens doen sy klaarblyklik dieselfde werk. Ons het hier sonder twyfel met 'n vrou te doene wat in die Woord gearbei het.

(v) 1 Kor. 11:2-16 is een van die Skrifgedeeltes waarop die teenstanders van die vrou in die amp altyd klem lê en ons sal weer hierop moet terugkom. Waar ons egter nou handel oor Skrifgedeeltes wat aandui dat vroue meegedoen het aan die verkondiging van die Woord, moet ons op 1 Kor. 11:5 wys. Paulus handel in hierdie Skrifgedeelte oor die gedrag van die vrou in die gemeente. Dit gaan dus nie om wat die vrou tuis in die kring van haar huisgesin doen nie. Die feit dat Paulus niks besonders of enige uitsondering noem nie, laat blyk dat ons hier met die gewone samekoms van die gemeente te doen het. Vs. 5 praat dan van die vrou wat bid of profeteer asof dit iets heel gewoons en vanselfsprekends is en stel dit geheel en al as paralel van die man wat bid of profeteer (vs. 4).

(vi) Fébé (Rom. 16:1, 2) word 'n *diakonos* (dienares) en *prostatis* (beskermster) genoem. Daar is verskil tussen geleerdes

of sy 'n diaken in amptelike sin was, hoewel die moontlikheid dat sy een was, baie versterk word deur die uitdrukking *ousan diakonon tēs ekklēsias* (synde 'n diaken van die gemeente). Wat dit onseker maak of sy in amptelike sin diaken was, is die feit dat Paulus die woorde *diakonein* en *diakonos* ook in die algemeen gebruik in die betekenis van 'n dienaar van Christus of om Christus te dien. Al was sy nie in amptelike sin diaken nie, het sy op uitgebreide skaal diakenswerk (dienswerk) verrig.

(vii) Maria (Rom. 16:6), Triféna, Trifósa, Pérsis (Rom. 16:12), Euódia en Sintiché (Filip. 4:2, 3) is almal vroue wat "in die Here" gearbei het. In Rom. 16:12 gebruik Paulus vir *arbei* die woord *kopiaó*, die werkwoord waarmee hy sy eie werk beskryf (1 Kor. 15:10; Gal. 4:11; Filip. 2:16). Presies wat hierdie vroue gedoen het, weet ons nie, maar dit is duidelik dat hulle meer gedoen het as om algemene hulp aan gelowiges te betoon. Hulle was volle deelnemers aan die werk van die groeiende kerk. Al het ons geen besonderhede oor wat hulle gedoen het nie, het ons ook geen grond om aan te neem dat hierdie arbeid bloot nie-amptelik was.

(viii) 1 Tim. 3:11 is baie twyfelagtig. Paulus kan hier verwys na die vrouens van diakens maar dit kan ook wees dat hy na diakonesse verwys. Laasgenoemde is die waarskynlikste van die twee moontlikhede.

(ix) 1 Tim. 5:3-16 en Tit. 2:3-5 het te doen met die weduwees. Dit lyk redelik seker dat hier na 'n amp verwys word wat deur die weduwees uitgeoefen is. Wat dit egter impliseer, weet ons nie en ons laat die saak daar.

10. Op hierdie stadium moet ons daartoe oorgaan om die Skrifgedeeltes te bespreek wat dit skynbaar onmoontlik vir 'n vrou maak om die predikantsamp te beklee.

10.1 Daar is 'n hele aantal Skrifgedeeltes (bv. Kol. 3:18; Ef. 5:22-24; 1 Pet. 3:1-6) wat die onderdanigheid en gehoorsaamheid van die vrou gebied. Dit is almal Skrifgedeeltes wat met die verhouding tussen man en vrou in die huwelik te doene het. In verskeie Skrifgedeeltes is dit onmiddellik duidelik

deurdat daar nadruklik gesê word dat die vroue aan hulle *eie* mans onderdanig moet wees. Nêrens is daar sprake van 'n onderdanigheid van alle vroue teenoor alle mans nie. 'n Vrou is nie onderdanig net omdat sy 'n vrou is en 'n man die hoof net omdat hy 'n man is nie. 'n Vrou is net onderdanigheid en gehoorsaamheid verskuldig teenoor die man met wie sy getroud is. Hierdie Skrifgedeeltes sê dus in die eerste plek niks van ongetroude vroue nie. Hierdie feit is van besondere belang in die hedendaagse situasie waar die ongetroude vrou 'n plek in die samelewing gekry het soos wat nog nooit in die geskiedenis bestaan het nie. Tweedens moet ons goed begryp dat uitsprake oor die huweliksverhouding nie uitsprake oor die vrou se bevoegdheid tot 'n amp is nie. As ons uit die onderdanigheid van 'n getroude vrou aan haar eie man aflei dat geen vrou 'n amp – in besonder die predikantsamp – mag beklee nie, maak ons 'n ernstige logiese fout. Daar is egter ander aspekte waarop ons later sal moet terugkom.

10.2 1 Kor. 11:2-16 is een van die Skrifgedeeltes wat gewoonlik aangehaal word om te bewys dat die vrou nie 'n amp mag beklee nie. Op hierdie Skrifgedeelte wil ons die volgende kommentaar lewer:

(i) In hierdie Skrifgedeelte is 'n hele paar punte wat moeilik is om uit te lê. Wat beteken dit byvoorbeeld wanneer vs. 10 sê: "Daarom moet die vrou 'n (aanduiding van) gesag op die hoof hê *ter wille van die engele?*" Die moeilikhede moet ons versigtig maak maar maak die essensiële aspekte van die Skrifgedeelte nie onverstaanbaar nie.

(ii) Hierdie Skrifgedeelte handel nie oor die privaat huislike lewe van die vrou nie, maar haar openbare verskyning. Die Joodse vrou van destyds het gesluier in die openbaar verskyn, maar tuis haar sluier verwyder. Dit gaan ook nie om enige openbare verskyning nie, maar vss. 4, 5 en 13 wys dat dit gaan om die verskyning van die vrou in die erediens. Ons kan die kring nog nouer trek: die Skrifgedeelte sê niks van die vrou wat net die erediens bywoon nie, maar praat van die vrou wat bid of profeteer: 'n vrou mag nie bid of profeteer met onbedekte hoof nie.

(iii) Die apostel pleit in hierdie gedeelte vir die behoud van die ou gewoontes. Vir 'n man is dit 'n oneer om lang hare te dra, vir die vrou is dit 'n eer (vss. 14, 15). In besonder pleit Paulus vir die behoud van die gewoonte dat 'n man met onbedekte hoof en 'n vrou met bedekte hoof moet bid of profeteer. Die behoud van die ou gewoontes is die hoofsaak in hierdie gedeelte en al die ander dinge is hieraan ondergeskik.

(iv) Paulus grond sy pleitrede vir die behoud van die ou gewoontes op die skeppingsorde (vss. 8, 9). Die skeppingsorde impliseer 'n rangorde (vs. 3). Ons moet egter baie versigtig wees om hierdie rangorde as 'n orde van ondergeskiktheid te interpreteer: in die eerste plek word daar nie van onderdanigheid of ondergeskiktheid gepraat nie en in die tweede plek kan ons met so 'n interpretasie in botsing met die belydenis van Nicea kom, wat die gelykheid van Vader, Seun en Heilige Gees leer.

(v) Al aanvaar ons ook die skeppingsorde as 'n orde van ondergeskiktheid, dan deurbreek die apostel dit self in vss. 11 en 12: Al sou daar in die skeppingsorde 'n ondergeskiktheid wees, "in die Here" (in die orde van die genade) is die man en die vrou saam en gelyk.

(vi) Ondanks alles wat gesê is, is die kwessie van die bedekte of onbedekte hoof nie belangrik genoeg om daaroor te twis nie (vs. 16).

(vii) Vir ons doel is hierdie Skrifgedeelte uiters belangrik. Dit word dikwels aangehaal as 'n bewys dat die vrou in die gemeente ondergeskik is en dus nie 'n amp mag beklee nie. Vss. 4 en 5 bewys egter presies die teenoorgestelde: die apostel skryf hier asof dit vanselfsprekend en 'n vaste, aanvaarde praktyk van die gemeente is dat vroue in die gemeente bid en profeteer en hy formuleer dit op so 'n wyse dat die vrou se bid en profeteer 'n presiese paralel van die man s'n is.

Wat die moontlikheid van die vrou as predikant betref, kan ons uit hierdie gedeelte net aflei dat dit in die Korintiese gemeente vanselfsprekende, aanvaarde praktyk was dat vroue gebid en die Woord verkondig het. Verder kan ons aflei dat 'n vrou dit met bedekte hoof moes doen.

10.3 1 Kor. 14:34, 35 is een van die twee bekendste Skrifgedeeltes oor die kwessie van die vrou in die amp. Hierdie gedeelte staan bekend as die swyggebod: "Julle vroue moet in die gemeentes swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê. Maar as hulle iets wil leer, laat hulle tuis hulle eie mans vra, want dit is lelik vir vroue om in die gemeente te spreek."

Hierdie sogenaamde swyggebod lyk asof dit direk in botsing is met 1 Kor. 11:5. So 'n botsing kan 'n mens nie aanvaar nie, omdat dit ondenkbaar is dat Paulus in dieselfde brief oor so 'n belangrike saak homself sou weerspreek. Om hierdie rede het baie teoloë reeds probeer om 'n oplossing vir die probleem aan te bied. Prof. G.M.M. Pelser ("Women and ecclesiastical ministries in Paul") gee 'n opsomming van die belangrikste oplossings wat aangebied is. Hieruit kan ons as voorbeelde noem:

Grosheide meen dat 1 Kor 11:5 met privaat samekomste en 1 Kor. 14:34, 35 met die openbare erediens te doen het. – Die beswaar hierteen is dat 1 Kor 11:2 ev. met die probleem van die bedekte of onbedekte hoof te make het, wat juis 'n probleem van die openbare erediens was. Buitendien word *propheteuein* gebruik vir die openbare verkondiging van die Woord.

Lietzman meen dat 1 Kor. 14:34, 35 die apostel se ware opinie uitdruk, terwyl 1 Kor. 11:2-16 'n teëpoterige toegewing is. – Die beswaar hierteen is dat daar in 1 Kor. 11:2-16 geen aanduiding gevind kan word dat Paulus hier 'n onwillige toegewing maak nie. As ons Lietzman se standpunt aanvaar, is dit egter vir ons doel belangrik dat daar in die Korintiese gemeente reeds in Paulus se dae toegelaat is dat vroue die Woord verkondig – al was dit ook 'n onwillige toelating.

Die bekendste oplossing kom van Kähler: 1 Kor 11:5 het te doene met die verkondiging van die Woord, wat vir vroue toegelaat is. 1 Kor. 14:34, 35 gaan nie oor die verkondiging van die Woord nie, maar oor vroue wat die orde van die erediens versteur met hulle gepraat *(lallein)*. Dit is hierdie gepraat wat verbode is. – Die beswaar hierteen is dat *lallein* ook gebruik word vir die verkondiging van die Woord, sodat ons nie seker kan wees of dit die apostel se bedoeling was nie.

Prof. Pelser saam met 'n hele aantal teoloë wys daarop dat vss. 34 en 35 'n ongemaklike plek in die betoog van die apostel

inneem. Dit pas sleg in die geheel van die Skrifgedeelte. Tekshistories wys hulle daarop dat daar baie vroeg al pogings was om hierdie verse na 'n ander plek te verskuif, hoewel al die oudste manuskripte almal die tekse het. Die beskouing van hierdie teoloë is dat hierdie twee tekse 'n invoeging in die oorspronklike stuk was en glad nie hier tuishoort nie. – Die beswaar hierteen is eerstens dat die oudste manuskripte wel vss. 34 en 35 bevat. In die tweede plek: as 'n mens besig is om oor 'n kontensieuse saak soos die toelating van die vrou tot die predikantsamp te redeneer, lyk dit na 'n te maklike oplossing as 'n mens die tekse wat jou nie pas nie, uit die Skrif probeer verwyder.

As slotsom kan ons sê dat Kähler se beskouing baie aanneemlik lyk, al kan 'n mens dit nie as seker aanvaar nie. Met sekerheid is die probleem nog glad nie opgelos nie. Die onderhawige studie is ook nie die plek om dit te probeer oplos nie.

Ons moet hier egter beklemtoon wat in die Voorwoord reeds gesê is: Die studie wat hier vir die leser aangebied word, is onderneem in opdrag van die Hoogeerwaarde Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk. Die vraag wat hier beantwoord moet word, is of vroue as predikante in die Herv. Kerk toegelaat kan word. Die belangrikste getuienis om hierdie vraag te kan beantwoord, is die Bybelse getuienis en daarom is 1 Kor. 14:34, 35 baie belangrik. Die Herv. Kerk het egter reeds lankal standpunt ten opsigte van hierdie Skrifgedeelte ingeneem. Dit het die Kerk gedoen deur vrouelidmate in alle opsigte stemreg en spreekreg in die gemeentevergadering te gee. Dit is ook 'n ou gebruik dat vroue self sake van die Sustersvereniging en die diakonie in die kerkraadsvergadering stel. Die Kerk het ook vroue as diakonesse, op gelyke voet met diakens, aanvaar en hulle volle sitting in die kerkraad gegee. Die diaken (en diakones) is allermins net 'n kollektant en is ook geroepe om vertroostinge uit die Woord van God te gee. As die Kerk nou die sogenaamde swyggebod net toepas wanneer dit vroue-predikante betref, sou die Kerk nie konsekwent handel nie.

10.4 Nog 'n belangrike Skrifgedeelte is 1 Tim. 2:11-15: "11. Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid. 12. Ek

laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou. 13. Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva. 14. En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom. 15. Maar sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid."

Hieroor moet ons die volgende opmerk:

(i) Die eerste vraag wat ons moet stel, is: Op watter plekke of met welke geleenthede moet die vrou stil wees? Ons het geen aanduiding dat dit in die erediens moet wees nie. As ons hierdie Skrifgedeelte sien as 'n opdrag aan die vroue wat paralel loop met die opdrag aan die mans (vs. 8), help dit ons nog nie, want die uitdrukking "op elke plek" laat 'n mens juis twyfel of dit in besonder met die erediens te doen het. Buitendien gaan dit in vs. 8 om die gebed, terwyl die vroue vermaan word ten opsigte van hulle gedrag (vss. 9, 10) en die lering. Die woorde "met goeie werke" in vs. 10 gee die indruk dat dit oor iets wyers as die erediens gaan. Al wat ons dus kan sê, is dat die vrou met bepaalde, nie verder spesifiseerbare geleenthede moet stil wees.

(ii) Die vrou moet haar in stilte laat leer *(manthanó)* en sy word nie toegelaat om onderrig te gee *(didaskein)* nie. Hierdie twee terme word eerder van die onderwys (kategese) as van die Woordverkondiging gebruik. As ons dit as Woordverkondiging verstaan, dan herinner vs. 11 ons aan 1 Kor. 14:34, 35 in die interpretasie dat die vrou moet stil bly as daar gepreek word. Vs. 12 beteken dan dat sy nie die Woord mag verkondig nie, wat in botsing is met 1 Kor. 11:5. Aanvaar ons die betekenis van onderwys, beteken vs. 11 dat die vrou in die kategese moet stilbly en vs. 12 beteken dat sy geen kategese mag gee nie, wat bots met Hand. 18:26. 1 Tim. 2:11-15 bevat egter nie 'n absolute spreekverbod nie.

(iii) Vs. 11: Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle *onderdanigheid (hypotagé)*. Aan wie sy onderdanig moet wees, word in hierdie vers nie gesê nie. As dit in die algemeen opgevat word, beteken dit dat die vrou (alle vroue) aan die man (alle mans, enige man) onderdanig moet wees. Hierdie betekenis kan ons nie aanvaar nie, want op alle ander plekke in die

Nuwe Testament word slegs geleer dat die getroude vrou aan haar eie man onderdanig moet wees. As ons dit opvat dat sy onderdanig moet wees aan haar eie man, beteken dit dat vs. 11 met die huislike situasie te doen het: die vrou moet haar nie versit en teèpraat as haar man haar leer (in godsdienstige sake) nie. Vs. 12 beteken dan dat die vrou nie toegelaat word om haar man te onderrig of oor hom te heers nie. – Hoewel hier baie onsekerheid en onduidelikheid is, lyk dit vir skrywer as die aanneemlikste beskouing. Hierdie beskouing word versterk deur die verwysing na die skepping en die sondeval in vss. 13 en 14. As hierdie beskouing reg is, het die "swyggebod" van 1 Tim. 2:11 en 12 met die huweliksverhouding te doene en nie met die erediens of die werk in die gemeente nie.

(iv) Vss. 13 en 14 gee die fundering van die voorskrifte wat in die voorafgaande verse gedoen is. Vs. 13 verwys na die tweede skeppingsverhaal, soos ons dit ook in 1 Kor. 11:2-16 aantref.

(v) Vs. 14 verwys na die sondeval, maar is só totaal vreemd dat ons baie groot vraagtekens moet stel. Die klaarblyklike betekenis van hierdie vers is 'n verwysing na die geskiedenis van die sondeval. Aan hierdie geskiedenis word 'n interpretasie gegee wat aan die vrou groter skuld of sonde toeskryf as aan Adam. Die groter skuld van die vrou is dan die grond van die sogenaamde swyggebod wat op die vrou gelê word.

Hiermee saam moet ons ook vs. 15 oorweeg. Die verwysing na hierdie vers is klaarblyklik God se oordeel oor die vrou na die sondeval, waar die straf van die vrou aan die baar van kinders verbind word. Nou sê vs. 15 dat die vrou gered sal word deur kinders te baar. Die werkwoord *sóthésetai* (gered word) is die pas. fut. van *sózó* (red), wat die woord is wat talle kere in die Nuwe Testament gebruik word in die betekenis van gered word van sonde. Die vrou sal dus van die sonde gered word deur kinders te baar.

Die tweede deel van vs. 15 bevat 'n voorwaarde: die vrou sal gered word deur kinders te baar, *as* of *indien (ean)* daardie kinders in geloof en liefde en heiligmaking met ingetoënheid bly. Nou kan ons die geloof ens. van die kinders verbind aan die opvoeding wat hulle moeder hulle gee (let wel: dit staan nie in die vers geskrywe nie), sodat ons kan sê dat hulle geloof ens. waardeur die kinders gered sal word, aan hulle moeder te

danke is. As die kinders egter nie geloof ens. het nie of dit later verloor, sal die moeder ook nie gered word nie. So staan dit nie geskrywe nie, maar dit is die enigste betekenis wat aan 'n voorwaarde geheg kan word.

Vs. 14 en 15 is volkome vreemd aan die hele leer van die Nuwe Testament in die algemeen en die beskouing van Paulus in die besonder.

Vs. 14 is die enigste plek in die Nuwe Testament (of die hele Bybel) waar ons die gedagte aantref dat Adam nie verlei is nie. Hoewel ons meermale die gedagte vind wat die onderdanigheid van die vrou verbind aan die oordeel van God na die sondeval ("na jou man sal jou begeerte wees en hy sal oor jou heers" Gen. 3:16), is vs. 14 die enigste plek in die Bybel wat aan die vrou groter sonde of skuld as aan die man toeskrywe.

Vs. 15 is direk in stryd met die res van die Nuwe Testament. Die Nuwe Testament se boodskap is dat die mens net op een manier gered kan word en dit is deur Jesus Christus. Daar is hoegenaamd geen ander of ekstra of spesiale maniere om gered te word nie. Daar is ook geen voorwaardes aan die redding deur Christus verbonde nie. Dat die vrou gered kan word deur kinders te baar is hiermee direk in botsing. Selfs al sou ons dit so interpreteer dat die vrou deur Christus gered word, maar dat sy *ook* kinders moet baar (let wel: dit staan nie in die teks nie), is dit heeltemaal on-Bybels. Nog vreemder is die gedagte dat die vrou se redding afhang van die geloof ens. van haar kinders.

'n Mens kan allerlei teorieë aanbied oor hierdie Skrifgedeelte. Tekshistories kan blykbaar geen besware daarteen ingebring word nie. Die onderhawige studie is nie die plek om die probleem te probeer oplos nie. Al wat ons by wyse van besluit kan sê, is dat 1 Tim. 2:11-15 so vreemd is dat 'n mens geen besluit daarop kan fundeer of dit as leidraad in 'n redenasie kan gebruik nie.

Om hierdie gedeelte van ons studie af te sluit, kan ons die volgende stel:

Die sosiale, politieke en godsdienstige tradisie van die Ou Testament loop deur na die Nuwe Testament en word op baie plekke in die Nuwe Testament tot uitdrukking gebring. Die gees van die Nuwe Testament word egter in die woorde van die apostel uitgedruk:

"Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.

Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie.

Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus;

want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee.

Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.

En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename."

(Gal. 3:24-29);

B. DIE KERK SE INTERPRETASIE VAN DIE BYBEL

'n Mens is 'n Christen omdat jy glo in die Here Jesus Christus as jou Verlosser. Jou geloof en jou dankbaarheid teenoor die Here eis van jou 'n bepaalde soort lewe. Jou geloof en jou dankbaarheid kry konkrete, praktiese gestalte in jou lewe. Hierdie konkrete, praktiese gestalte varieër by individuele mense omdat elke mens in sy eie persoonlike geaardheid, geskiedenis, nood, situasie en hoop anders luister na die Woord as ander mense en daarom ook anders gehoorsaam is, natuurlik binne die grense wat die Woord stel. Daar is dus een Here, een Verlosser, een Gees, een Woord en een doop, maar daar is baie (binne grense) konkrete gestaltes van gehoorsaamheid.

Dieselfde geld die kerk. Die kerk bely die enigste Here en Verlosser, verkondig en luister na die een Woord, word saamgebind en gelei deur die een Gees, bedien een doop en tog is daar 'n veelheid van kerke wat as sigbare verskyning van die kerk van Christus elkeen op sy eie wyse konkrete uitdrukking aan sy gehoorsame luister na die Woord gee.

Die wyse waarop die Hervormde Kerk uitdrukking aan sy gehoorsaamheid gee, vind ons in die kerk se belydenisskrifte, formuliere, liedere, gebede, kerkorde, teologiese arbeid, gewoontes en gebruike in die erediens en in die daaglikse gemeentelike lewe – kortom: die Kerk as sigbare verskynsel is ook in al sy aspekte uitdrukking van die Kerk se gehoorsame luister na die Woord. Die sigbare Kerk is egter in die wêreld, al is dit nie van die wêreld nie; dit bestaan uit sondige mense wat in 'n spieël 'n raaisel sien en net ten dele ken en ten dele profeteer, al is dit mense wat aan die Woord gehoorsaam wil wees; en omdat die Kerk in die wêreld is en uit mense bestaan, is die Kerk ook kultuur: dis 'n wyse van leef, dink, doen en skep; dit is 'n antwoord aan die wêreld, 'n ingryp in die wêreld maar ook 'n leef in die wêreld. Om hierdie rede is die Kerk nie staties en onveranderlik nie, maar in gedurige beweging. Hierdie beweging is nie in alle opsigte dieselfde of ewe dinamies nie. Aan die een kant staan die ewige, onveranderlike

Woord van God, maar die Kerk se bestudering van die Woord toon veranderinge en het 'n geskiedenis. Die belydenisskrifte is in beginsel nie onveranderlik nie, maar in die praktyk uiters moeilik om te verander. Aan die ander kant staan die bepalinge van die Kerkwet, wat met elke Algemene Kerkvergadering verander word. Oor die algemeen is die Kerk baie konserwatief en verander nie maklik nie, en dit is ook reg, omdat die Kerk seker moet wees dat sy verandering nie ongehoorsaamheid aan die Woord van God is nie. As die Kerk egter hoegenaamd nie wil verander nie, het sy konserwatiwiteit verander in konserwatisme, dan hou die Kerk vas aan wat bestaan het in die verlede net omdat dit bestaan het en het die Kerk onwillig geword om opnuut na die Woord te luister.

Nadat ons na die Bybel gekyk het, moet ons nou vra na die houding van die Kerk ten opsigte van die moontlikheid van vrouepredikante. Die belangrikste vraag in hierdie verband is of die leer van die Kerk die moontlikheid uitsluit.

Nou is dit moontlik om na te gaan wat die verskillende kerke in hierdie verband doen. Ons kan meld dat die Rooms Katolieke Kerk konsekwent die ordening van vroue verwerp. Ongeveer 1970 was daar 'n stuk of sewentig Protestantse kerke wat vroue wel as predikante georden het, maar baie van hulle het vroue net tot 'n beperkte werkkring toegelaat. Een van die kerke wat van vrouepredikante gebruik maak, is die Nederlandse Hervormde Kerk. Ons gaan hierop nie verder in nie, omdat dit nie belangrik is nie. Die Ned. Hervormde Kerk moet vir homself uitmaak of hy vroue as predikante gaan toelaat of nie.

In die belydenisskrifte, formuliere, Wet en bepalinge van die Ned. Hervormde Kerk is geen uitspraak wat vroue verbied om predikante te word nie. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die Kerk dit nog nooit nodig gevind het nie, omdat dit in die kerklike tradisie vanselfsprekend was dat net mans as predikante dien. Waar ons nou oor die moontlikheid van vrouepredikante moet besin, moet ons kyk of die leer van die Kerk vroue as predikante uitsluit. Ons sal ook moet nagaan of daar enige uitsprake in hierdie verband in die verlede gedoen is.

1. Die Ampte

Wat die leer van die Kerk betref, is die leer aangaande die ampte van sentrale belang.

Een van die belangrikste argumente van die teenstanders van die ordening van vroue as predikante kan ons soos volg opsom: wat die Ou Testament oor profetesse en die Nuwe Testament oor dienende vroue van allerlei aard sê, word ten volle erken. Nie een van hierdie vroue het egter 'n amp in die kerklike sin van die woord beklee nie. As ons dus die Bybelse weg wil volg, moet ons vroue die volle geleentheid gee om werk van allerlei aard in die kerk te verrig, maar ons mag hulle nie in die ampte bevestig nie. Dit is met ander woorde die status quo, want so het die kerk nog altyd gedoen.

Dit is opvallend dat die oorgrote meerderheid van die teenstanders teen die vrou in enigeen van die ampte (diaken, ouderling en predikant) is. Die rede hiervoor is voor die hand liggend: daar is nie so 'n wesensverskil tussen die drie ampte dat 'n mens maklik vroue tot die een maar nie tot die ander kan toelaat nie. Desondanks is daar tog enkeles wat wel hierdie verskil maak en dan het ons altyd die situasie dat die vrou wel as diaken aanvaarbaar is, maar nie in die ander ampte nie.

Hoewel die Herv. Kerk reeds vroue as diakens toegelaat het, kan ons nie anders as om aldrie ampte hier te betrek nie. Kortliks kan ons die saak soos volg stel:

1.1 Die Kerk is die volk wat God vir Hom uit die sondige mensegeslag uitverkies het. Hierdie uitverkiesing is 'n verkiesing in Christus wat aan die een kant beteken dat Christus die hoof, die herder, die koning, die bruidegom van die kerk as die liggaam, die kudde, die volk, die bruid van Christus is. Aan die ander kant beteken dit dat die Christen net Christen of gelowige is as lid van die kerk, ingesluit in die kerk deur die werking van die Heilige Gees en as sodanige erfgenaam van die vrede van Christus, dit wil sê sondaar wat deur Christus verlos is, wie se sonde vergewe is, leef in dankbaarheid tot sy Verlosser en gerig is op die einde wanneer hy saam met Christus tot in ewigheid sal wees. Om in die kerk te wees beteken om in die Here te wees en in die Here is alle verhoudinge (slaaf/vryman, kinders/ouers, man/vrou ens.) anders as in die wêreld.

1.2 In die kerk (en in die gemeente as plaaslike openbaring van die kerk) heers orde (1 Kor. 14:33) wat in die eerste plek nie 'n orde van uiterlike wette en reëls is nie, maar die orde wat Christus stig. 'n Wesenlike deel van hierdie orde is die ampte wat Christus self ingestel het en waarvan daar 'n hele aantal is (Ef. 4:11). Deur sy Heilige Gees is Christus self in die gemeente en regeer Hy self sy gemeente, maar Hy doen dit deur mense te gebruik. Hierdie mense kom uit die gemeente, maar die werk wat hulle doen, die amp wat hulle beklee, is dienswerk wat van Christus kom en die gesag waarmee hulle hulle dienswerk verrig, is die gesag van Christus self en het niks met die inherente eienskappe van die ampsdraer te doen nie. Op 'n ander wyse kan ons dit stel dat die besondere betekenis en gesag van die amp in die Woord berus, waarvan die ampsdraer die verkondiger is, omdat hierdie Woord die Woord van God is waarin die lewende Christus teenwoordig is en waardeur Hy werksaam is. Die gesag van die ampsdraer is die gesag van die Woord, maar dit plaas die ampsdraer nie in die posisie van 'n heerser nie, maar juis in die posisie van 'n dienaar.

1.3 Die roep van 'n mens tot 'n amp word deur God gedoen. Dit is geen skeppende daad nie, met ander woorde God maak nie met die roeping iets anders van die mens as wat hy as lid van die gemeente reeds is nie. God roep 'n mens tot die amp deur middel van die gemeente. Die beroep wat die gemeente op 'n mens uitbring, is tegelykertyd 'n belydenis: die gemeente bely die genadegawes wat hy in Christus ontvang het en bid God dat hierdie genadegawes deur die genadegawe van die amp tot werking gebring sal word. Die gemeente is dus nie van die amp afgeskei nie, staan nie teenoor die amp nie, maar is in die amp medewerkend.

1.4 Uit wat reeds gesê is, is dit duidelik dat die dienswerk in die gemeente geskied deur die verkondiging van die Woord. Woordverkondiging is die wese van die amp. Die dienswerk geskied as antwoord op die Woord, in gehoorsaamheid aan die Woord en deur die bring van die Woord. Die Woordverkondiging kan egter sonder tug (regering) en liefde (barmhartigheid) nie plaasvind nie. Dit is die grond van die verdeling van die ampswerk in drie, naamlik predikant (leraar, hoogleraar),

ouderling en diaken. Ons praat van verskillende ampte, maar wesenlik is die verskillende ampte aspekte van die een dienswerk – aspekte waar die klem verskillend gelê word en waar verskillende genadegawes van God in werking tree, maar wat almal wesenlik die bring van die lewende Woord Christus in die gemeente is.

1.5 As ons nou bostaande toepas op die probleem waarmee ons besig is, moet ons in besonder op die volgende punte let:

1.5.1 Wanneer God 'n mens tot die amp roep, het dit niks met die inherente eienskappe van die mens te doene nie. God roep 'n mens nie omdat hy intelligent of welsprekend of mooi van voorkoms of wat ook al is nie. Daar is ook nêrens in die Skrif getuienis dat God 'n mens roep omdat hy 'n man is of 'n vrou nie roep omdat sy 'n vrou is nie.

1.5.2 Die roeping deur God is nie 'n skeppende daad in die sin dat God met sy roeping iets skep wat nie reeds in die gemeente bestaan nie. Die mens wat deur God geroep word, is die gelowige, dankbare gemeentelid, waarvan daar baie in die gemeente is. Wanneer God hom roep, skep God nie vir hom spesiale vermoëns of ekstra geloof of groter deugsaamheid nie.

1.5.3 Die roeping van God staan nie los van die roeping deur die gemeente nie, al is die twee nie presies dieselfde nie. Wanneer die gemeente iemand tot die amp roep, wys die gemeente iemand uit sy midde aan. Dit is een van die gemeentelede (kerklede) wat geroep word. So werk die gemeente mee in die amp, deel hy in die amp. Die gemeente, wat self geroepene *(ekklesia)* is, roep mense om deur hulle arbeid in en aan die gemeente die roeping van die gemeente gehoorsaam te wees.

1.5.4 As ons dus van voorwaardes tot die roeping wil praat, is daar net een voorwaarde: hy moet 'n ledemaat van die liggaam wees waarvan Christus die hoof is; hy moet lid van die gemeente wees in die volle sin van wat dit beteken. Die kerk is daar waar Gods Woord reg verkondig en die sakramente volgens die instelling van Christus bedien word. Die kerk is in aansyn geroep deur die Woord, word in stand gehou deur die Woord en bestaan voort in gehoorsaamheid aan die Woord. Die

geroepene is deel hiervan en sy roeping het die betekenis dat aan hom opdrag gegee word dat hy moet help sorg dat die diens aan en van die Woord ordelik en voorspoedig moet voortgaan.

In hierdie opsig is daar geen onderskeid tussen die persone wat as predikant, ouderling of diaken geroep word nie. Dit is 'n fout wat baie mense maak om te dink dat 'n seun wat hom vir die predikantstudie aanmeld, iets anders is as die ander seuns wat gelowige lidmate van die gemeente is of dat die ouderling 'n ander soort mens as die ander gelowige lidmate van die gemeente moet wees.

Gesien van hierdie kant is daar geen grond om die vrou uit die ampte te weer. Sy is ewe groot sondaar as die man, word deur Christus verlos en staan onder die eis van die dankbaarheid presies soos die man. Sy is nie meer of minder gelowig as die man nie. Sy word gedoop, het volle deelname aan die erediens, gebruik nagmaal (al het Christus net saam met mans die pasga gevier en die nagmaal vir 'n vergadering van mans ingestel) en neem deel aan al die aktiwiteite van die gemeente net soos die man. Waar die ampte 'n uitdrukking van die gehoorsaamheid van die gelowige lidmaat aan die Woord is, kwalifiseer die vrou soos enige ander gelowige lidmaat om as ampsdraer te dien.

As die menslike eienskappe van 'n persoon geen voorwaarde vir die roeping tot die amp is nie, is die feit dat 'n man biologies 'n man is, geen kwalifikasie en die feit dat 'n vrou biologies 'n vrou is, geen diskwalifikasie nie. God skep ook nie vir die man nuwe eienskappe of kwalifikasies nie en ook nie vir die vrou nie.

Wanneer die gemeente iemand as ampsdraer aanwys, is die primêre en vanselfsprekende vereiste dat hy 'n gelowige lidmaat van die gemeente is en aan die vereistes soos wat byvoorbeeld in 1 Tim. 3 gestel word, beantwoord. Heeltemaal in die tweede plek staan oorwegings wat nie prinsipieel van aard is nie, maar prakties. So is dit bloot verstandige praktyk om byvoorbeeld nie 'n persoon in 'n uitgestrekte plattelandse wyk te kies as daardie persoon geen vervoer tot sy beskikking het nie. So ook is dit verstandig om iemand wat kennis van boekhouding het, as kassier aan te wys. Op dieselfde wyse is dit moontlik om te redeneer dat die vrou op prinsipiële gronde nie verbind kan word om die predikantsamp te beklee nie,

maar dat dit om praktiese redes onwys sal wees en dat dit daarom nie toegelaat behoort te word nie. Oor hierdie praktiese probleme sal ons later handel.

1.6 Die vereiste om 'n amp te beklee (so het ons hierbo gesien), is vir almal dieselfde. As gelowige lidmaat van Christus se kerk, as lid van die liggaam waarvan Christus die hoof is, kwalifiseer elke lidmaat – man en vrou – om enigeen van die ampte te beklee. Die amp as sodanig is diens aan die lewende Woord, Jesus Christus. Dikwels word die amp ook anders geformuleer: die amp *(officium)* word in die Naam van Christus beklee; die ampswerk is werk in die Naam van Christus en die ampsdraer verteenwoordig sy Sender in die werk wat hy doen. Hy is 'n gesant wat die boodskap van sy Sender oordra. Dit is die wese van die amp en is dieselfde vir aldrie die ampte en geld ook elke lidmaat in sy roeping tot die algemene priesterskap van die gelowige.

In hierdie eenheid is daar egter 'n verskeidenheid (1 Kor. 12: 28-30). Die verskeidenheid lê nie in die vereistes waaraan die geroepene moet beantwoord nie, maar in die wyses waarop God van mense gebruik wil maak. Volgens die wyse waarop God 'n mens wil gebruik, gee God aan daardie mens die genadegawe wat hy moet hê. Met die planting van die kerk op aarde het God mense op baie maniere gebruik en net soveel genadegawes geskenk. Met die loop van tyd het almal verdwyn behalwe die predikant, ouderling en diaken. Die drie is dieselfde in hulle gehoorsaamheid aan en bediening van die Woord, as gesante wat die boodskap van hulle Sender moet oordra, maar verskil in die roeping waartoe hulle geroep word en die genadegawes wat hulle in daardie roeping ontvang. So het die predikant die roeping om die evangelie te verkondig, die ouderling om te regeer en te tug en die diaken om barmhartigheidsdiens te verrig. Aan die ander kant moet ons egter hierdie drie nie in waterdigte hokkies probeer skei nie: die predikant regeer en tug ook juis in sy verkondiging van die Woord en moet gedurigdeur die barmhartigheid en liefde van Christus aan sy gemeente tereg laat kom; die ouderling regeer en tug nie ter wille van die tug nie, maar juis om die Woord in die lewe van mense tuis te bring; en die diaken verkondig in sy werk die evangelie van liefde. In die Hervormde Kerk het dit

dan ook lankal praktyk geword dat aldrie ampte op gelyke wyse in die kerkraadsvergadering saamkom en saam oor alle aspekte van die lewe van die gemeente besluit.

Die vraag wat ons nou egter moet beantwoord is of 'n vrou van een van die ampte uitgesluit mag en moet word. Al beantwoord sy dus aan die fundamentele vereistes vir die amp, is dit nog moontlik dat sy nie inpas in die differensiasie van die ampte nie of dat sy wel geskik is vir een amp maar nie vir die ander nie.

Ons antwoord op hierdie vraag kan ons baie kort soos volg stel:

Hierbo het ons gesien dat die differensiasie in die ampte daarin lê dat dit die maniere is waarop God mense wil gebruik en dat God hiervolgens die geroepenes met sy genadegawes toerus. As die vrou dan nie vir een van die ampte in aanmerking kan kom nie, kan dit net om een van twee redes (of albei) wees: eerstens, God wil geen vroue roep nie en/of tweedens, die vrou is van so 'n aard dat God haar nie kan of wil toerus met die nodige genadegawes nie.

Wat die diakensamp betref, het die Hervormde Kerk reeds besluit deur die vrou tot die amp toe te laat.

Wat die predikantsamp betref: Kan die Kerk en durf die Kerk besluit dat God vroue nie wil roep nie? Onses insiens kan die Kerk prinsipieel so 'n besluit alleen neem wanneer daar absoluut duidelike en onteenseglike gronde daarvoor bestaan. Die studie wat ons van die Skrif gedoen het, toon minstens aan dat sulke onteenseglike gronde nie bestaan nie.

Oor die aard van die vrou sal ons later handel. Hier wil ons egter net die prinsipiële stelling maak dat die Kerk nie kan besluit dat God sy genadegawes nie aan 'n gelowige lidmaat kan of wil skenk nie net omdat sy biologies van die man verskil nie.

1.7 Tot sover het ons aangetoon dat die leer van die ampte die vrou prinsipieel nie uitsluit nie. Dit bly nog oor om te antwoord op die argument dat die vroue wat in die Bybel genoem word, wel diens gelewer het maar nie ampte beklee het nie.

Die antwoord op hierdie vraag hang af van ons beskouing van die rol van die gemeente in die roeping tot die amp. Hierbo het ons beklemtoon dat die roeping deur God en die roeping

deur die gemeente nie twee afsonderlike roepings is wat niks met mekaar te doene het nie. God roep mense in en deur die gemeente.

As ons nou na die Skrif toe teruggaan, dan sien ons dat die Ou Testamentiese profete deur God geroep is en direk onder die leiding van die Gees van God gestaan het. Hulle het nie 'n ander godsdiens as die tempelgodsdiens verkondig nie; inteendeel, hulle was dikwels juis bekommerd oor die verval van die tempel en moes daaroor teen die tempel en die volk getuig. Daar is egter geen sprake van 'n verkiesing of ordening van die profete deur die volk of deur die tempel nie.

Die apostels van die Nuwe Testament was die eerste ampsdraers van die Christelike kerk. Net in die geval van Mattias kan daar sprake wees van 'n verkiesing deur die gemeente, maar ook in sy geval lees ons niks van 'n ordening nie. Paulus is direk deur die Here self geroep en was aanvanklik vir die dissipels heeltemaal onaanvaarbaar (Hand. 9:26). Na sy bekering het Ananias hom wel die hande opgelê (Hand. 9:17), maar hierdie handloplegging het niks met 'n roeping of ordening tot apostel te doene nie; dit was die handoplegging wat in die algemeen met die doop en die gawe van die Heilige Gees gepaard gegaan het (vgl. Hand. 8:17). Paulus en Barnabas was al lankal met hulle werk besig voordat ons vir die eerste keer lees van 'n roeping en ordening deur die gemeente (Hand. 13:3). Aan Timotheus is die hande opgelê deur ouderlinge (1 Tim. 4:14) en deur Paulus (2 Tim. 1:6). Verder lees ons van ouderlinge wat deur die gemeente gekies is (Hand. 14:23). Wat die vroue in besonder betref, is die Ou Testamentiese profetesse deur God geroep presies soos hulle manlike eweknieë. In die Nuwe Testament lees ons nie van vroue wat deur die gemeente gekies is of die hande opgelê is nie.

Ons sit klaarblyklik met 'n gebrek aan gegewens in die Skrif en daarom moet ons maar kyk of ons met die gegewens tot ons beskikking tot een of ander besluit kan kom.

Ons het hierbo gesien dat die roeping tot die amp 'n roeping deur God in en deur die gemeente is. Ons kan nou vra: kan daar 'n roeping deur die gemeente sonder 'n roeping deur God wees? Kan daar 'n roeping deur God sonder 'n roeping deur die gemeente wees?

'n Roeping deur die gemeente sonder 'n roeping deur God is

nie moontlik nie. Op sy beste kan ons van soiets praat as 'n blote menslike aanstelling. Op sy slegste sou dit 'n gemeente wees wat probeer om in stryd met God te handel en dus in opstand teen God kom.

'n Roeping deur God sonder 'n roeping deur die gemeente is prinsipieel moontlik op grond van die vrye almag van God. In die gevestigde, ordelike Christelike kerk met allerlei geformaliseerde en vasgelegde prosedures moet ons uiters versigtig wees oor 'n roeping deur God sonder 'n meegaande roeping deur die gemeente. As ons dit aanvaar, sou ons die deure wawyd oopgooi vir allerlei vorme van sektarisme (veral van die tipe van die Pinksterbewegings). Waar ons egter te doen het met die begin van die Christelike kerk, is dit 'n ander saak. Hier is nog geen gevestigde gemeentes wat volgens 'n vaste orde werk nie. Die gemeentes moet nog tot stand kom en 'n orde moet nog vasgelê word. In die uitwerk van sy ewige raadsplan roep God mense en rus hulle met die nodige genadegawes toe om die werk te doen. In hierdie werk gebruik God middele wat later nie meer nodig is nie. So maak God byvoorbeeld gebruik van ampte wat nie verder voortgesit kan word nie (die apostels as ooggetuies) of wat verderaan oorbodig word (1 Kor. 12:28-30). So 'n "abnormale" situasie moet ons dan ook aanvaar ten opsigte van die bekleërs van die verskillende ampte.

As ons die roeping en ordening deur die gemeente ten alle koste wil deurdruk, kan die Ou Testamentiese profete beswaarlik as amp gereken word en dieselfde geld die apostels, terwyl daar in die Nuwe Testament geen twyfel is dat die apostel as amp gereken word nie. Die oorgrote meerderheid van die werkers van die Nuwe Testament het dan ook geen amp beklee nie. Dit geld al die vroue, maar ook mense soos Lukas, Silas, Titus, Johannes, Markus, Apollos en andere. 'n Alternatief is dat hierdie mense tog wel deur die gemeente geroep is, maar dat ons die gegewens daaromtrent nie in die Skrif het nie. As ons dit aanvaar, het ons nog geen rede om te aanvaar dat die mans wel ampte beklee het, maar die vroue nie, omdat ook hierdie gegewens ontbreek.

Ons moet dus besluit dat daar baie onduidelikheid oor die Nuwe Testamentiese werkers en hulle amptelike posisie is. Ons moet egter ook besluit dat die onduidelikheid die mans net so goed as die vroue betref en dat ons nie op grond van die

Skrifgegewens kan besluit dat die mans wel ampte beklee het nie, maar die vroue nie.

2. Die onderdanigheid van die vrou aan haar man

In ons behandeling van die Skrifgedeeltes het dit keer op keer geblyk dat Skrifgedeeltes wat die onderdanigheid van die vrou uitdruk, met die verhouding tussen man en vrou in die huwelik te doene het.

In hierdie studie is die huweliksverhouding nie ons probleem nie. Dit is byvoorbeeld nie ons probleem om uit te maak of die Bybelse leer aangaande die huwelik werklik 'n onderdanigheid van die vrou (of in juridiese terme: die onmondigheid van die vrou) vereis nie. Ons probleem is om te bepaal of die huweliksverhouding 'n vrou kan verhoed om predikant te wees.

2.1 Of dit 'n korrekte interpretasie van die Bybel is of nie, dit bly 'n feit dat die interpretasie wat deur die eeue aan die Bybel gegee is, sonder twyfel die vrou as onderdanig en selfs ondergeskik aan die man beskou.

Van kerklike kant vind ons hierdie interpretasie by uitstek in die huweliksformulier wat baie klem daarop lê dat die man die hoof van die vrou is en dat hy haar na sy vermoë verstandig moet lei, onderrig, troos en beskerm. Verder moet hy met verstand by haar woon en aan die vrou as die swakkere geslag haar eer gee. Aan die ander kant moet die vrou haar wettige man liefhê, eer en hoogag, hom ook gehoorsaam wees in alle dinge wat reg en billik is, as haar heer. Sy mag nie oor haar man heers nie, maar stil wees. Die sentrale teks is Gen. 3:16 – "Na jou man sal jou begeerte wees en hy sal oor jou heers." Dit is 'n verordening en 'n gebod van God waaraan die vrou gehoorsaam moet wees.

Die verskil in formulering is baie interessant. Die gedeelte van die formulier wat die man aanspreek, begin: "Ten eerste moet u, man, weet dat God u *as 'n hoof van die vrou* gestel het." Die gedeelte wat die vrou aanspreek, begin: "Ten tweede moet u, vrou, weet hoe u volgens die Woord van God u moet gedra teenoor *u man*. U moet *u wettige man* liefhê", ens. Die vrou word

uitdruklik tot haar wettige man beperk. Die bedoeling van die gedeelte wat die man aanspreek, is waarskynlik ook om sy verhouding tot *sy* vrou uit te druk, maar onbewustelik (?) word dit algemeen gestel: God het hom as 'n hoof van *die vrou* gestel. Dit spreek boekdele.

Dat die onderdanigheid van die vrou aan haar man haar ongeskik maak vir die predikantsamp, vind ons uitgedruk by Calvyn. In sy kommentare op die betrokke Skrifgedeeltes laat hy blyk dat hy hoegenaamd nie vir 'n vrou in die predikantsamp te vinde is nie. In sy kommentaar op 1 Kor. 14:34 sê hy byvoorbeeld: "Die taak om te leer behoort aan een wat regeer en is daarom onverenigbaar met een wat onderworpe is. Dit is onvanpas vir 'n vrou wat onderworpe is aan een van die lede van die gemeente, om 'n gesaghebbende posisie oor die hele gemeente te beklee."

Waarskynlik onder invloed van Calvyn het die ou sinodes weinig aandag aan die vrou in die ampte gegee. Al wat ek kon opspoor (ook met die gewaardeerde hulp van prof. A.D. Pont) is dat die Sinode van Wesel (1568) vroue-diakens toegelaat het en dat die Sinode van Middelburg (1581) dit weer verbied het.

2.2 As kommentaar op bostaande wil ons in die eerste plek waarsku teen 'n vals redenasie. Dit feit dat die vrou dwarsdeur die geskiedenis en in 'n mate vandag nog as sosiaal, juridies, ekonomies, polities en selfs kerklik as onmondig en aan die man onderhorig beskou is, is geen grond om te besluit dat dit Bybels-prinsipieel reg is nie. Die feit dat iets eeue-lank bestaan het, is geen bewys dat dit reg is nie. Moord, diefstal en prostitusie is so oud soos die mensheid, maar om daardie rede nog nie reg nie. Sonder twyfel het die feitelike onmondigheid en onderhorigheid van die vrou in die verlede die formulering van die huweliksformulier, die beskouinge van Calvyn en die ou sinodes beïnvloed. Dit is kulturele faktore wat van tyd tot tyd verander. Die geskiedenis toon ons ook onteenseglik hoe die posisie van die vrou verander het tot wat dit vandag is.

As ons 'n suiwer oordeel wil vel, moet ons tot 'n prinsipiële besluit kom.

2.3 Die onderdanigheid en gehoorsaamheid van die getroude vrou impliseer prinsipieel nie 'n ondergeskiktheid vir die amp

nie, ook nie vir die predikantsamp nie. (Oor praktiese implikasies handel ons later.) Hierdie uitspraak grond ons op die volgende:

2.3.1 Die betrokke Skrifgedeeltes handel oor die verhouding tussen die getroude vrou en haar man en sê niks oor die geskiktheid of ongeskiktheid vir die amp nie.

2.3.2 Nêrens in die Bybel blyk dit dat die huwelikstaat as sodanig die vrou op welke wyse ook al as gelowige lidmaat van die gemeente aantas nie. Sy is nie minder of meer of anders gelowig omdat sy getroud is nie, haar getroude staat verminder nie die Bybelse eis van dankbaarheid nie en maak haar nie minder deelagtig aan die gawe van die Heilige Gees wat God aan die gemeente gegee het nie; en haar getroude staat kan God nie verhoed om haar tot diens te roep of haar vir daardie diens toe te rus met die genadegawes nie. Die feit dat 'n vrou trou, verander dus prinsipieel niks aan die moontlikheid van ampswerk soos ons dit in verband met die ampte uiteengesit het.

2.3.3 In die Skrif vind 'n mens 'n hele aantal verskillende vorme van onderdanigheid. Die belangrikste is die onderdanigheid van die getroude vrou aan haar man, kinders aan hulle ouers, die onderdaan aan die owerheid en die werknemer aan die werkgewer. Dit is alles sosiale ordeninge met die doel om 'n ordelike, goeie en behoorlik gefundeerde samelewing tot stand te bring en te handhaaf. Sover dit die huwelik in besonder betref, is dit 'n ordening met 'n baie sterk (hoewel dit nie die enigste is nie) seksuele betekenis en met die doel om te sorg vir die voortsetting van die menslike geslag en die opvoeding van die kinders.

Wanneer ons hierdie verhoudinge sosiale ordeninge noem, plaas ons dit nie buite die Christelike geloof nie. Inteendeel, hierdie ordeninge is juis vir die Christen belangrik omdat dit in die Woord van God gegrond is en die Woord die norm vir die Christen is van hoe hierdie verhoudinge behoort te wees en hoe 'n Christen hom in hierdie verhoudige moet gedra.

Wat vir ons van belang is, is dat elkeen van hierdie vorme van onderdanigheid 'n bepaalde aspek van die samelewing betref en buite die verband van hierdie aspek nie geldig is nie.

Al hierdie vorme van onderdanigheid het bepaalde elemente gemeenskaplik, byvoorbeeld onderdanigheid, gehoorsaamheid, eerbied en so meer, maar 'n mens kan nie wat die Bybel byvoorbeeld oor die verhouding tussen man en vrou in die huwelik sê sonder meer op die verhouding tussen kinders en ouers oordra nie. Ons kan enigeen van die vorme van onderdanigheid ook nie sonder meer van betekenis maak vir die ampte nie. Dit is merkwaardig dat in die geskiedenis van die kerk net die onderdanigheid van die vrou aan haar man as 'n diskwalifikasie vir die amp gereken is en nie een van die ander vorme van onderdanigheid nie.

2.3.4 Al sou ons aanvaar dat die getroude staat die vrou ongeskik vir die amp maak, dan het ons nog niks oor die ongetroude vrou gesê nie. Beide Ou en Nuwe Testament ken eintlik net een moontlikheid vir die ongetroude vrou en dit is 'n verhouding van onderdanigheid en afhanklikheid van haar naaste manlike familielid, by uitstek haar vader. In die Nuwe Testament het ons 'n aanduiding van 'n amp wat net deur weduwees beklee is (1 Tim. 3:16 en Tit. 2:3-5). maar die gegewens is so skraal dat ons niks daarvan kan sê nie. Vanaf die Ou Testament tot in ons eie tyd is die ondergeskikte posisie van die getroude vrou oorgedra op die vrou as sodanig. Om hierdie rede het ook die ongetroude vrou onder dieselfde beperkinge as die getroude vrou te staan gekom. Hierdie oordrag kenmerk ook die uitsprake van Calvyn en die ou sinodes. Die oordrag is 'n kenmerk van die kultuur van die verlede maar kulturele vorme kan geen prinsipiële grondslag vir die kerk bied nie.

Ons eie tyd beleef aan die een kant die sogenaamde emansipasie van die vrou en aan die ander kant die verskynsel van die vroueoorskot, veral ten opsigte van weduwees. Die sogenaamde "Women's Lib"-bewegings is siekteverskynsels van 'n gesekulariseerde Westerse samelewing. Dit kan op geen wyse as 'n norm vir die kerk dien nie. Trouens, die kerk moet dit in sy fundamentele sondigheid ontbloot en verwerp. Dit onthef die kerk egter nie van die plig om 'n sinvolle plek aan die gelowige, ongetroude vrou binne die ruimte van die kerk en sy arbeid te gee nie. Uit die gegewens tot ons beskikking lyk dit nie vir ons of getroude vroue uit die amp geweer kan word nie, maar nog minder kan dit met ongetroude vroue gedoen word.

2.3.5 Selfs al sou ons die behandelde Skrifgedeeltes beskou as 'n verbod op die vrou om die amp te beklee omdat dit die vrou ondergeskik aan die man stel, is hierdie verbod nie absoluut nie, maar relatief, omdat die onderdanigheid aan die man relatief is.

Hierdie relatiwiteit sien ons in die Skrif self:

Lidia, die purperverkoopster, tree sonder twyfel op as hoof van haar huisgesin (Hand. 16:14,15). Selfs al sou ons aanneem dat sy 'n weduwee was, tree sy in haar volle gesag as hoof van die huis op, nie net teenoor haar huisgesin (doop) nie, maar binne die kerkverband teenoor Paulus en sy geselskap.

1 Kor. 7 handel oor die huwelik. In hierdie hoofstuk kry ons geen sweem van die ondergeskiktheid van die vrou nie. Albei is gelykelik onderhewig aan sonde en versoeking (vss. 2, 5), albei het ewe veel sê wat hulle seksuele verhouding en godsdienstige sake betref (vs. 5), die vrou het mag oor die man se liggaam net soos hy oor hare het (vs. 4), 'n ongelowige man word deur 'n gelowige vrou geheilig, so goed as 'n ongelowige vrou deur 'n gelowige man (vss. 12-14), sy het ewe veel reg in die egskeiding (vs.15) en so meer. Afgesien daarvan dat die gedagte van die onderdanigheid van die vrou hier ontbreek, is vir ons studie die feit belangrik dat die geloofsverbondenheid hoër gestel word as die huweliksverbondenheid. Dit blyk daaruit (vs. 15) dat as die ongelowige wil skei (klaarblyklik omdat hy/sy hom/haar nie met die geloof van sy huweliksmaat kan versoen nie), die gelowige nie gebonde is nie. Nog 'n interessante punt is vs. 34: dit is die enigste plek waar in godsdienstige verband 'n onderskeid tussen die getroude en ongetroude vrou ten gunste van laasgenoemde gemaak word.

Ons kan ook verwys na 1 Kor. 11:11, 12 wat ons reeds in 'n ander verband behandel het. As ons 1 Kor. 11:2-6 interpreteer as 'n Skrifgedeelte wat die onderdanigheid van die vrou leer, moet ons vss. 11 en 12 as relativering van hierdie leer beskou.

2.3.6 Hierdie selfde relativering vind ons ook in die huweliksformulier. In die huweliksformulier word die huwelik in die skeppingsverhaal van Gen. 2 gefundeer, waar baie uitdruklik die vrou as hulp vir die man gestel word. Desondanks lui die eerste rede waarom God die huwelik ingestel het: "Die eerste

rede is dat *die een die ander* getrou moet *help en bystaan* in alle sake wat tot die tydelike en die *ewige* lewe behoort" (my onderstreping). As ons hiervan erns maak, kom ook die verhouding van die man tot die vrou in 'n ander lig te staan: die formulier bepaal uitdruklik dat die man die hoof van die vrou is en die taak het om die vrou verstandig te lei, onderrig, troos en beskerm. Dit moet nie in wêreldse sin verstaan word nie, maar juis in die sin van die "sake wat tot die ewige lewe behoort". Die hoogtepunt hiervan is die opdrag dat die man sy vrou moet liefhê soos Christus sy gemeente liefgehad het. Al hierdie dinge is geldig, maar dit het die gelowige en godvresende man in gedagte. Wat daarvan as die man ongelowig is of as die gelowige man in sonde verval? As ons ook 1 Kor. 7 hierby betref, lyk dit my heeltemal korrek om dan juis van die vrou te vereis dat sy nou haar man moet bystaan in "die sake wat tot die ewige lewe behoort" en ek dink nie ons gaan te ver as ons sê dat dit die omstandighede is waarin sy dan as hoof van die huis (met alles wat dit impliseer) moet optree nie. Iets hiervan vind ons ook in die gedeelte waarin vir die vrou gesê word hoe sy haar teenoor haar man moet gedra. Hierdie gedeelte lê uiters eensydig klem op die onderdanigheid van die vrou. Desnieteenstaande word vir die vrou gesê sy moet haar man gehoorsaam wees "in alle dinge wat *reg en billik*" is. Sy moet ook haar man "in alles wat *goed en reg* is, behulpsaam wees". Wie besluit vir die gelowige vrou wat reg, billik en goed is? Baie duidelik nie die man nie, want dit is juis die beperking wat in haar verhouding tot die man opgelê word. Daar is net een moontlikheid: die vrou het 'n verhouding tot God afgesien van haar verhouding tot haar man en sy moet haar verhouding tot haar man en die eise wat hy aan haar stel, juis ondergeskik beskou aan haar eie verhouding tot God.

2.3.7 Samevattend van bostaande kan ons stel: die argument teen die vrou in die predikantsamp word gewoonlik fundeer op die onderdanigheid van die getroude vrou aan haar man. Hierdie argument hou nie steek nie omdat dit die ongetroude vrou buite rekening laat, omdat die onderdanigheid van die getroude vrou slegs relatiewe geldigheid het en omdat die geloofsverhouding van die vrou tot God baie belangriker is as haar huweliksverhouding tot haar man.

2.3.8 Wat die Ned. Hervormde Kerk in besonder betref, kan ons op die volgende wys:

(a) Nog altyd het die Kerk die vrou ewegoed as die man die doopbelofte laat aflê, waardeur ons die vrou gelyk met die man verantwoordelik maak om haar kinders in die Christelike leer te onderrig.

(b) Reeds baie jare lank laat die Kerk die vrou toe tot die gee van kategese in die gemeente.

(c) Baie lank terug het die vrou stemreg en spreekreg in die gemeente gekry, waardeur die sogenaamde "swyggebod" van 1 Kor. 14:34 ter syde gestel is.

(d) Die Algemene Kerkvergadering van 1973 het vroue ten volle as diakens toegelaat. Dit het geblyk dat die barmhartigheidsdiens en die besondere verkondiging van die Woord soos deur die predikant verrig, verskillende aspekte van die dienswerk in die gemeente is en verskillende genadegawes impliseer, maar nie van geslagsverskille afhanklik is nie. Met die toelating van vroue as diakens het die Kerk reeds prinsipieel die toelating van die vrou tot die amp aanvaar, ook die predikantsamp.

C. DIE VROULIKHEID VAN DIE VROU

In hierdie gedeelte gaan dit nie om uitsprake van die Skrif of die kerk nie. Dit gaan om die vraag of die vrou enige fisiese of psigiese kenmerke het wat haar ongeskik vir die predikantsamp maak.

By hierdie probleem kan ons baie lank stilstaan. Veral ouer werke maak 'n belangrike punt daarvan om die verskille tussen man en vrou te beklemtoon en dan te reken dat dit 'n goeie rede is waarom 'n vrou nie as predikant toegelaat kan word nie. In ons eie tyd vind ons hierdie argument nie dikwels nie.

1. Wat die psigologiese argument betref, word daarop gewys dat die vrou meer emosioneel as die man is, dat sy op persoonlike kontak aangelê is en nie saaklik soos die man kan wees nie, dat sy tot persoonlike vooroordele geneig is, dat sy emosioneel van mense afhanklik is en so meer.

Hierop kan ons in die eerste plek stel dat die hedendaagse psigologie minder geneig is om die verskille tussen man en vrou te beklemtoon as wat vroeër die geval was. Die hedendaagse tendens is om hierdie verskille nie soseer aan die vrou as sodanig toe te skryf nie, maar aan kulturele faktore. Die emosionaliteit van die vrou is byvoorbeeld nie 'n kenmerk van die vrou as sodanig nie. Dat 'n vrou meer emosioneel as 'n man is, moet toegeskryf word aan die feit dat ons byvoorbeeld van kleinsaf ons seuntjies leer dat hulle nie mag huil as hulle seerkry nie, want 'n man huil mos nie soos 'n ou dogtertjie nie.

Wat die psigiese vermoëns van die vrou betref, moet ons verder daarop wys dat die ou gedagte dat 'n man meer intelligent as 'n vrou is, lankal nie meer aanvaar word nie. Dit is nie net psigologies as verkeerd bewys nie, maar ook deur die intellektuele prestasies van vroue. Algemeen word nog aanvaar dat 'n vrou onlogies is. Hoewel 'n mens soms so 'n indruk kry, is dit skrywer se persoonlike ervaring dat die beste punte in die logika-eksamen meesal na damesstudente toe gaan.

Hierdie tema kan ons daar laat omdat dit 'n onvrugbare haarklowery is. Die professionele, akademiese en sakewêreld

het onteenseglik gewys dat die vrou in vernuf, organisasietalent, leierskap, saaklikheid, welsprekendheid, insig en wat 'n mens ook al verder mag vereis, nie vir die man agteruit hoef te staan nie. Al hierdie dinge is ook vir die predikantskap van belang.

Dat die vrou minderwaardig teenoor die man is, kan vandag hoegenaamd nie meer aanvaar word nie. Dat sy psigies anders as die man is, kan en moet ons in sommige opsigte aanvaar. Dit is egter nie ons probleem nie. Die probleem is of hierdie andersheid van die vrou haar onbekwaam maak om predikant te wees? Ons het geen grond om dit aan te neem nie. Buitendien moet ons onthou dat die helfte van die gemeente vroue is. Dit is manlike verwaandheid om te reken dat die man se psigiese opset hom geskik maak om predikant vir vroue te wees, maar die psigiese opset van 'n vrou maak haar onbekwaam om hoegenaamd 'n predikant te wees, ook vir vroue.

2. By die fisiese kenmerke van die vrou kan ons nog korter stilstaan.

Oor die algemeen kan ons sê dat sover dit die fisiese eienskappe van die vrou betref, daar niks is wat haar kan verhoed om predikant te wees nie.

Sommige skrywers beklemtoon die feit dat die vrou bestem is om kinders te baar en te soog. Hieruit vloei dan soms 'n obskure redenasie dat die vrou nader aan die natuur (die dier?) is as die man.

Wat met die "nader aan die natuur" bedoel word, is volledig duister. Moontlik is die gedagte: hoe nader aan die natuur, hoe verder van die gees. Die man is dus 'n meer geestelike wese as die vrou en daarom meer geskik om predikant te word.

Hiérdie beskouing is psigologies, fisologies, antropologies en teologies absurd.

Die feit dat die vrou bestem is tot swangerskap en geboorte, maak haar nie ongeskik of onbevoeg om predikant te wees nie. Dit het egter sekere praktiese implikasies wat belangrik is. Hierop kom ons later terug.

D. SOSIALE EN KULTURELE FAKTORE

Hierdie faktore speel 'n belangrike rol. 'n Samelewing waar dit vir die vrou nie moontlik is nie of baie moeilik is om die nodige akademiese opleiding te ontvang, maak dit in dieselfde mate moeilik vir 'n vrou om predikant te word. In klassieke Griekeland en in die Romeinse Ryk was daar weinig geleentheid vir 'n vrou om onderwys te ontvang en 'n gevorderde akademiese opleiding was 'n hoë uitsondering. Gedurende die Middeleeue was dit nog meer die geval. Die eerste vrou is eers in die 16e eeu aan die Moderne universiteit toegelaat en universiteitsopleiding het eers in die 19e eeu algemeen vir vroue geword. Die twintigste eeu sien vir die eerste keer dieselfde aantal vroue as mans op die universiteit en ook dat alle studierigtings vir vroue oop staan.

Tot die Eerste Wêreldoorlog was dit sosiaal aanvaar dat vroue se plek in die huis is. Vroue wat buitenshuis gewerk het, was relatief min en was beperk tot sekere beroepe, soos onderwys en verpleging. Na die Tweede Wêreldoorlog het die situasie so verander dat die werkende vrou 'n algemene en sosiaal aanvaarde verskynsel geword het. Dit het ook vanselfsprekend geword dat geen beroep (behalwe die predikantsamp) vir 'n vrou geslote is nie, al is dit so dat vroue minder in sommige beroepe as in ander aangetref word.

Uit hierdie studie het geblyk dat die roeping as predikant nie van sosiale of kulturele faktore afhanklik is nie. Hierdie faktore kan in die praktyk dit egter vir 'n vrou so moeilik maak dat dit onmoontlik word om haar amp te beoefen.

Die vraag is nou: Is die huidige Suid-Afrikaanse, meer in besonder die Afrikaanse en nog meer in besonder die Hervormde samelewing van so 'n aard dat 'n vrou as predikant aanvaarbaar is? Sonder breedvoerige opnames is dit onmoontlik om met sekerheid op hierdie vraag te antwoord. 'n Besliste antwoord kan ook nie gegee word voordat 'n vroulike proponent inderdaad vir die Kerk aangebied is nie. Skrywer se aanvoeling is egter dat die Kerk en die samelewing wel 'n vroulike predikant sal aanvaar. Die enigste stukkie werklike

getuienis hiervoor, is dat die Kerk die vroulike diaken sonder probleme aanvaar het. Ons het gewoond geword om die onderwys van ons kinders aan vroue toe te vertrou, nie net op laerskool nie, maar ook op hoërskool en universiteit. Dit is niks snaaks meer om ons lewens te waag in die hande van vroulike dokters nie. Vroue in hoë en beslissende posisies word dikwels aangetref. In die gemeente het aktiewe vroue 'n onontbeerlike deel van die gemeentelike aktiwiteite geword. Aanvanklik sal dit iets ongewoons en eienaardigs wees om 'n vrou op die kansel te sien, maar ons glo nie dat enigiemand sal weier om te luister na die Woordverkondiging net omdat dit deur 'n vrou gedoen word nie en die ongewoonheid sal gou verdwyn.

E. PRAKTIESE AANGELEENTHEDE

Praktiese probleme is van die grootste belang. Dit kan wees dat daar prinsipieel geen beswaar teen vroue as predikante ingebring kan word nie en dat dit ook vir die Kerk en die samelewing aanvaarbaar is, maar dat praktiese probleme dit tog nog onmoontlik maak.

Tot sover het die skrywer probeer om so objektief en wetenskaplik as moontlik te werk en sy gedagtes ook so aan te bied. Hier en daar is in besonder na die Nederduitsch Hervormde Kerk verwys, maar in hoofsaak het die poging tot objektiwiteit meegebring dat die gedagtes ook in wyer kringe oorweeg kan word.

Waar ons nou by praktiese probleme kom, verander die karakter van hierdie studie. Die praktiese probleme wat bespreek word, word heeltemal in die verband van die Hervormde Kerk gesien. Die aanbevelings is uiteraard die persoonlike beskouings van die skrywer.

Die praktiese probleme wat ek aan die woord wil stel, is die volgende:

1. Moet vroue-predikante net 'n beperkte toelating ontvang? Na my mening is daar geen grond om 'n vrou toe te laat om huisbesoek te doen maar nie te preek nie, te preek maar nie sakramente te bedien nie en so meer. As die Kerk vroue toelaat as predikante, moet daar geen onderskeid tussen die vrou en die man wees nie. Dit geld ook praktiese aangeleenthede soos huisbesoek, siekebesoek, voorsit by kerkraadsvergaderings en so meer. In gemeentes waar meer as een predikant is, is dit reeds gebruik dat 'n werksverdeling tussen die predikante getref word. Waar een van die predikante 'n vrou is, is daar geen beswaar om dit by die werksverdeling in aanmerking te neem nie. So kan byvoorbeeld die NHSV, jeugwerk, die diakonie en so meer besonderlik aan haar opgedra word.

2. Moet vroue-predikante net in sommige gemeentes beroepbaar gestel word? Na my mening is daar geen prinsipiële

gronde waarop 'n predikant van die Kerk net in sommige gemeentes beroepbaar gestel kan word nie. Daar kan egter praktiese redes wees waarom 'n vroulike predikant in een gemeente vrugbaarder kan werk as 'n ander. Daar is byvoorbeeld gemeentes waar die lidmate baie yl versprei is en wat lang, eensame reise vereis en dit is moontlik dat dit as onwenslik beskou kan word dat 'n vrou in so 'n werkkring optree. Daar is ook ander gemeentes waar baie verpleegsters of damesstudente lidmaat is, waar 'n man gekniehalter is omdat hy hulle nie in hulle kamers kan besoek nie. Daar is ook predikante in besondere diens, byvoorbeeld die superintendent van sending, waar 'n vrou as onwenslik geag kan word, terwyl ander werkkringe, byvoorbeeld die sekretaris van barmhartigheidsdiens of jeugpredikante, waar 'n vrou weer as hoogs wenslik beskou kan word. As die Kerk sou besluit om vroue as predikante toe te laat, is my aanbeveling dat hierdie vroue-predikante gewoon soos die manlike predikante beroepbaar in die Kerk gestel word en dat dit aan die wysheid van die kerkrade en ander beroepende liggame oorgelaat word om na gelang van omstandighede 'n beroep uit te bring.

Die vraag kan miskien hier gestel word: wat daarvan as 'n vroulike proponent geen beroep ontvang nie? Hierop kan ek net antwoord dat die Kerk vir geen proponent – ook nie die manlikes nie – 'n beroep waarborg nie. Al wat die Kerk kan doen, is om die nodige reëlings te tref sodat lidmate wat vir predikant wil studeer, dit kan doen. Dan neem die Kerk die proponentseksamen van die afgestudeerdes af, legitimeer hulle en stel hulle beroepbaar. Of enigeen 'n beroep gaan kry, hang van die beroepende liggame af en die Kerk het geen wyse waarop enigeen van hierdie beroepende gedwing kan word om 'n bepaalde proponent te beroep of nie te beroep nie.

3. Wat sou die posisie wees as die vroue-predikant sou trou?

Tot sover het dit geblyk dat die besware teen die toelating van vroue as predikante grotendeels baseer word op die onderdanigheid van die vrou, wat weer betrekking het op die huwelikstatus van die vrou. Op grond hiervan is die gedagte voor die hand liggend dat net ongetroude vroue tot die predikantsamp toegelaat moet word.

Na my mening sou so 'n beperking onwys wees. Ons het geen prinsipiële gronde om so 'n beperking op te lê nie. Verder sou dit daarop neerkom dat die Kerk van 'n vroue-predikant eis dat sy moet bedank as sy trou en so 'n vereiste kan tot allerlei ongewensde praktyke aanleiding gee. Ons moet ook nie vergeet dat die huwelik lewenservaring en diepte meebring wat vir die predikant in sy dienswerk van groot betekenis is nie.

Aan die ander kant is swangerskap en geboorte die besondere bestemming van die vrou en is sy hoofsaaklik vir die versorging van die kinders verantwoordelik. Die ervaring toon ook dat beroepsvroue op ander terreine (byvoorbeeld mediese dokters) oor die algemeen ewe goed as enige ander vrou die patroon van ons samelewing volg deur hulle beroep ondergeskik aan die beroep van hulle mans te maak en sodra hulle kinders het, gewone huisvroue te word. Dit moet die Kerk in 'n meerdere mate van die vroulike predikant verwag, omdat sy waarskynlik konserwatiewer as ander oor die huwelik sal dink. Die gedagte van die onderdanigheid van die getroude vrou aan haar eie man, die eenheid van die huwelik, die eis dat die kinders in ooreenstemming met die doopbelofte opgevoed moet word, behoort vir die vroulike predikant nog swaarder as vir ander vroue te weeg. Daarby moet ons in gedagte hou dat die betekenis wat die Kerk aan die beroep van 'n predikant heg, in die gedrang kom wanneer die vroulike predikant die uitoefening van haar amp aan die werk van haar man ondergeskik maak. Die beroep wat 'n gemeente op 'n predikant uitbring, is meer as net 'n wêreldse aanstelling en dit sou 'n bespotting van die beroepsgedagte wees as die beroep afhanklik gemaak moet word byvoorbeeld van die wyse waarop die staat die predikant se man verplaas.

Na my mening het die Kerk reeds 'n prosedure om hierdie probleem te hanteer. Die vroulike predikant wat trou, kan beskou word as 'n predikant wat na 'n ander lewenstaat oorgaan. In terme van hierdie prosedure kan met elke besondere geval na gelang van omstandighede gehandel word. 'n Mens kan jou voorstel dat die meeste sulke vroulike predikante hulle status sal verloor, maar dit is ook denkbaar dat sulke getroude vroue op plekke en in omstandighede tereg kan kom waar hulle uiters waardevolle werk vir die Kerk kan verrig.

Na my mening kan die Kerk 'n uitsondering maak in die geval van 'n vroulike predikant wat met 'n predikant trou, sodat sy haar predikantskap behou. As 'n gemeente dan 'n predikant (man) beroep wat met 'n predikant getroud is, impliseer dit nie dat die gemeente twee traktemente, twee reiskostes en so meer moet betaal nie, maar dit kan wel impliseer dat die mevrou-predikant soms preekwerk kan waarneem. Dit kan vir haar man tot groot hulp wees, veral in besondere omstandighede soos in die geval van siekte of konsulentswerk van die predikant.

In die huidige samelewing gebeur dit al meer dat vroue wie se kinders groot en uit die huis is, weer na hulle professies toe terugkeer. Onder die Kerk se bepalinge ten opsigte van predikante wat tot 'n ander lewenstaat oorgaan, kan van sulke vroue belangrike en kosbare gebruik gemaak word. Sulke predikante kan deur die Kerk tot 'n beperkte werkkring beroep word. Op die oomblik maak die Kerk van 'n hele aantal sulke deeltydse predikante gebruik, maar hulle is byna almal in Pretoria woonagtig. Die resultaat hiervan is dat Pretoria en sy omgewing 'n oorvloed van sulke deeltydse predikante het, terwyl die res van die Kerk van hierdie voorreg nie gebruik kan maak nie. Met getroude vroulike predikante is die moontlikheid daar dat sulke deeltydse werkkragte ook in ander dele van die land beskikbaar kan word.

4. Wat die Kerkwet en Bepalings van die Hervormde Kerk betref, hoef daar myns insiens geen veranderinge aangebring te word as vroue as predikante toegelaat word nie. Al die bepalings oor die opleiding, beroep, pastoraat, oorgang tot 'n ander lewenstaat en so meer kan onveranderd gehandhaaf word. Al wat nodig is, is 'n besluit van die Kerk dat vroue ook as predikante toegelaat word. As bostaande aanbevelings uitgevoer word, sal dit nodig wees om 'n bepaling te aanvaar dat 'n huweliksluiting in die geval van die vroulike predikant as 'n oorgang na 'n ander lewenstaat beskou word en 'n tweede bepaling dat 'n vroulike predikant wat met 'n predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk trou, haar status as predikant behou.

F. SLOT

Wanneer 'n jongman hom aanmeld vir studie met die oog op die predikantskap, moet hy bereid wees om te verklaar: "Ek beskou my begeerte om predikant te word as 'n roeping om, ondanks alle ander oorwegings, die evangelie te verkondig." As hy so verklaar, beskou die Kerk sy begeerte as 'n egte roeping deur God tot die verkondiging van die evangelie.

As 'n vrou dieselfde verklaring maak, moet die Kerk ook haar as 'n geroepene deur God beskou, behalwe wanneer onteenseglik bewys kan word dat 'n vrou nie tot die predikantsamp toegelaat kan word nie. Wanneer sulke bewyse nie gelewer kan word nie en daar geen onoorkomelike struikelblokke bestaan nie, mag die Kerk nie tussen die vrou en haar roeping staan nie.

In hierdie studie hoop ek dat ek minstens aangetoon het dat geen sulke onteenseglike bewyse of onoorkomelike struikelblokke bestaan nie. Na my mening kan die Kerk 'n vrou dus nie weier wanneer sy haar vir die predikantskap aanmeld nie, op voorwaarde dat sy beantwoord aan al die vereistes wat aan die manlike kandidate gestel word.

BIBLIOGRAFIE

J. Annandale: *Die Vrou in die Amp* (B.D.-skripsie, Universiteit van Pretoria);

B.J. Engelbrecht: *Die Amp van die Diaken.* N.H.W. Pers, Krugersdorp, 1957.

E. Engelbrecht: "Diakonein" in *Herv. Teologiese Studies* 27/1 en 2.

G.P. van Itterzon: *Het Kerkelijk Ambt in Geding.* J.H. Kok, Kampen, 1974.

A.A. van Ruler: *Byzonder en Algemeen Ambt.* Callenbach, Nijkerk, s.j.

The Reformed Ecumenical Synod: *Agenda, Sydney, Australia.* August 14-25, 1972.

De Vrou in het Ambt. Rapport besproken door die Generale Synode in haar zittingen van 20 en 21 Maart 1950.

What is Ordination coming to? World Council of Churches, 1971.

Otto Weber: *Grundlagen der Dogmatik.* Bd. 11, Neu-Kirchener Verlag der Buchhandlung des Erziehungsvereins, Neukirchen-Woers, 1962.

M.E. Thrall: *The Ordination of Women to the Priesthood.* SCM Press, London 1958.

G.M.M. Pelser: *Women and ecclesiastical ministries in Paul* (manuskrip).

Walter Bauer: *Wörterbuch zum Neuen Testament.* Durchgesehener Nachdruck der 5. verbesserten und stark vermehrten Auflage. Alfred Töpelmann, Berlin, 1963.

G.C. van Niftrik: *Kleine Dogmatiek.* 5de herziene en vermeerderde druk. Callenbach, Nijkerk, 1961.

HAUM